



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14/ no. 2
Februarie 2005

GEES EN SANG

Sang en musiek is nie dinge wat 'n klein plek in die lewe van 'n gelowige mag inneem nie. Ons redeneer dikwels oor hierdie saak vanuit ons eie smaak en karakter: Hou ek van musiek, of nie? Sing ek graag, of net wanneer dit nodig is?

In Efe 4:18-19 vind ons 'n direkte verband tussen die Gees en sang. "Moenie dronk word van wyn nie, daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. En spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere...".

'n Geesvervulde gemeente sal onder mekaar spreek met psalms en lofsange en geestelike liedere. Soos wat die dronkenskap die mens as 't ware oorheers en bring tot losbandig, so staan 'n Geesvervulde mens ook onder 'n kragtige werking: Die Gees bring hom tot lof en dank aan die Here. Soos wat dronkenskap altyd sal lei tot losbandigheid, so sal die vervulling met die Gees altyd lei tot sang. Hy wat die Gees het, sing. Die Gees werk so diep en kragtig in ons dat ons net *moet* sing!

Sang is dus nie 'n persoonlike keuse of smaak nie, maar voluit 'n saak van die Gees! Ook hierin is ons eie natuur nie bepalend nie. Deur 'n lewe wat gerig is op Christus en gehoorsaamheid aan Hom, sal die Gees oorwin. Teen my eie natuur en karakter in sal Hy my *bring* tot lof. Dan *breek* hulle saam in lofstem uit ...deur die Gees.

Dit is 'n belofte waaraan ons mag vashou, ook wanneer dit moeilik word om lofliedere te sing. Nie ek wat diep in myself moet gaan soek vir die loflied nie, maar ek moet my rig op Christus en sy gehoorsaamheid. Wat 'n aanmoediging as ons nie graag sing nie, of as ons 'n tyd beleef wanneer dit moeilik word om lofliedere te sing! Hy sal dit in my doen!

En watter mooier weg is daar as dat die werking van die Gees sigbaar word in sang en musiek? By uitstek is sang en musiek die gawes van God wat te doen het met die diepste dele van ons lewe. Sang en musiek is die gawes waardeur ons daardie dinge beskryf wat onbeskryfbaar is. Slegs sang en musiek kan reg laat geskied aan 'n oorweldigende en allesbeheersende gebeurtenis. Hoe kon God dan vir 'n beter weg gekies het om die oorvloedige werking van die Gees tot uiting te laat bring?

Dit leer ons ook waarom God sang en musiek aan ons gegee het. Nie in die eerste plek vir persoonlike genot nie, maar as 'n weg waardeur daar uiting gegee kan word aan sy oorvloedige genade.

En hoe oorvloedig is hierdie weg van genade! Hoor maar: Wie hom rig op Christus, word vervul met die Gees. Wie vervul is met die Gees, sing. Wie sing, *word* weer gerig op Christus. Wie gerig is op Christus, word vervul met die Gees...

'n Oneindige weg van genade. Logies? Nee, maar die geloof rig hom ook nie op die logika nie, maar op Christus!

In Hierdie Uitgawe



Tema: Musiek

- **Bach versus The Beach Boys** 3
- **Musiek as terapie** 5
- **Musiek & erediens (1)** .. 6
- **Die Hallelujalied** 10
- **Die geskiedenis van die Orrel** 13
- **VGKSA Verslag Klassis B** 2
- **Sefanja** 16
- **Die kerk is Christus se gemeente** 18

TWEE NUWE PROPONENTE IN VGKSA

P Bouwman

RONDON DIE KERK: SUID-AFRIKA

In Oktober verlede jaar het klassis B bymekaargekom. Hierdie vergadering was nie net 'n gewone vergadering nie, daar was ook twee versoeke vir die aflê van die kerklike eksamens vir predikante. Twee broeders wat hulle studies voltooi het, het die begeerte uit gespreek om in die diens van predikant te staan. Hierdie klassis wat gehou is te Mamelodi het die taak gehad om die twee broeders, Axel Hagg en Jerry Mhlanga kerklik te eksamineer.



Br Axel Hagg is 'n bekende onder ons. Nadat hy sy BA graad (tale) by UP voltooi het, het hy sy vier jaar teologiese opleiding aan ons eie Teologiese Skool voltooi. As deel van die kerklike eksamen moes br Hagg twee preke inlewer. Die eerste preek het as teks gehad Sondag 32 en die tweede preek Heb 10:11-14. Br Hagg het dan ook die preek oor Sondag 32 aan die vergadering voorgedra. Hierna het die kerklike eksamen voortgegaan met as hoofdoel om die gereformeerde karakter van br Hagg te toets. Br Hagg is in die volgende areas ondersoek; Eksegese OT, Simboliek, Eksegese NT, Kerkreg, Dogmatiek, Kerkgeskiedenis, Amptelike vakke: Prediking, Inhoud Heilige Skrif en Etiek.

Br Jerry is minder bekend by ons en daarom wil ons ook 'n bietjie meer agtergrond oor hom gee. Jerry Mhlanga het as seun lid geword van die destydse sendinggemeente Soshanguve-Noord. Reeds op jong leeftyd het br Mhlanga respek in sy eie gemeente ontvang. Nadat hy sy matriek voltooi het, het hy ná gesprekke met ds Arjan en sr Inge de Visser tot die oortuiging gekom dat die Here hom roep om in die bediening van sy Woord te gaan. Hy het sy Teologiese studies by Mukhanyo begin en in 2002 het hy die graad B.Th aan die Universiteit van Potchefstroom met lof geslaag. Tydens sy studiejare was hy ook direk betrokke by die sendingwerk in Soshanguve. Die afgelope twee jaar het br Mhlanga die Mukhanyo

plus kursus voltooi, terwyl hy ook die tale Grieks en Hebreeus aan die Universiteit van Pretoria gestudeer het. Br Mhlanga is 23 jaar oud, hy is getroud en sy vrou se naam is Togo. Hulle het 'n seuntjie van 1 jaar met die naam Pabalo. As deel van die kerklike eksamen by die klassis moes br Mhlanga ook twee preke inlewer. Die eerste preek het as teks Romeine 3:25-26 & Sondag 24 vraag en antwoord 62 en die tweede preek Gen 3:15 gehad. Br Mhlanga het die preek oor Romeine 3:25-26 en Sondag 24 vraag en antwoord 62 aan die vergadering voorgedra. Br Mhlanga se preek sowel as sy ondersoek het in Engels plaasgevind. Br Mhlanga se gereformeerde is ook ondersoek in die volgende areas: Inhoud Heilige Skrif, Eksegese OT, Eksegese NT, Dogmatiek, Simboliek, Etiek, Amptelike vakke: Prediking, Kerkgeskiedenis en Kerkreg. Na die ondersoek kon die klassis meedeel dat beide br A Hagg en br J Mhlanga toegelaat is as proponent binne die kerkverband van die VGKSA. Die vergadering kon konstateer dat hierdie broeders hulle aan Skrif en Belydenis wil hou en so hulle werk wil doen. Mag die HERE hulle ook verder seën. Vervolgens onderteken hulle volgens artikel 53 van die KO die ondertekeningformulier.

Ten slotte: Proponent J Mhlanga het in Desember 2004 'n beroep van Pretoria-Maranata gemeente ontvang om as sendeling in die Soshanguve-gebied te werk. Intussen het ons ook met groot dankbaarheid aan die Here verneem dat prop. Mhlanga die beroep aangeneem het. ✠



Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):

E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

BACH VERSUS THE BEACH BOYS

Hilde Roos



en klassieke musiek soos ons dit in die afgelope dekades ervaar:

TEMA: MUSIEK

Liefhebbers van populêre musiek moes al dikwels hoor hoe pop-musiek uit klassieke musiekkringe afgeskryf word as 'gemors', 'geraas' of 'swak smaak'. Op hulle beurt, gee popmusiek aanhangers dikwels nie 'n duiding om wat klassieke musiek liefhebbers van popmusiek of hul smaak dink nie. En as hulle wel na die argumente 'van die klassieke kant' luister, word sulke idees beskou as uit die oude doos en irrelevant.

Op die oppervlak heers daar deesdae 'n tipe skietstaking tussen die twee groepe wat mekaar se bestaansreg tolereer omdat beide steeds floreer. Dié verdraagsaamheid hou egter selde kennis van die ander in en werklike wedersydse waardering is skaars. Hoekom die spanningsveld in die eerste plek bestaan is egter 'n interessante onderwerp wat wêreldwye 'n mens oopmaak as 'n mens net aan die oppervlak van die debat krap. In hierdie artikel doen ek presies (en slegs) dit: ek poog om 'n paar punte van hierdie omvattende onderwerp uit te lig.

Die tirade teen die bestaansreg van populêre musiek het 'n lang geskiedenis. Sedert die ontstaan van die wals in die 19e eeu is daar teen ligte musiek oorlog gemaak omdat dit as moreel ondergrawend gesien is. Ná die wals, vandag geklassifiseer as klassiek, moes ragtime, jazz, rock en roll en rap die koor van verdoeming en kritiek aanhoor. In die vyftiger jare, met die opkoms van die Beatles, het dit hoogty gevier met die publieke verbranding van die Beatles se plate. Kyk mens vandag na dié protes, het dit meer oor nie-musikale redes gegaan (soos bv. die betekenis van die teks) as oor die musiek self, en ook die Beatles word vandag as klassieke pop beskryf.


Dit bring my by die verwarring in terme: 'n mens hoor woorde soos klassieke musiek, popmusiek,

klassieke rock, 'popular classical' en waar sit mens dan jazz en 'world music' in? Die gebiede is inderdaad nie duidelik afgebaken nie, sal ook nooit wees nie, en ter wille van hierdie artikel hou ek by die volgende: Bach, Mozart, Brahms en Stravinsky as klassieke musiek en The Beach Boys, Britney Spears, Madonna en U2 as popmusiek.

Die term popmusiek word hier baie algemeen gebruik en verwys na musiek wat ongekompliseerd is en toeganklik is vir groot getalle luisteraars wat nie 'n musiek opleiding het nie. Dit veronderstel 'n laer kompleksiteit as bv. klassieke musiek. Populêre musiek ken egter 'n geweldige diversiteit in style soos rock en roll, blues, hip hop, rap, country & western, jazz, new wave, soul en reggae, style wat nie noodwendig by bogenoemde definisie aansluit nie. Vanweë my beperkte kennis van popmusiek (sien, ek is 'van die klassieke kant') laat ek hierdie style vir die oomblik buite die argument en vir dié van u wat die veld beter ken, vergewe my die veralgemenings.

Die ontstaan van die massa media (radio, TV, plate en cd's) en die geld wat uit die kommersialisering van musiek gemaak word, het 'n groot impak op die ontwikkeling van popmusiek gehad. Dit het ook veroorsaak dat daar oor die afgelope 50 jaar 'n groot kloof tussen pop en klassieke musiek ontstaan het, 'n kloof wat vóór die tyd van radio nie sulke afmetings aangeneem het nie.

Hier volg enkele voor die hand liggende verskille tussen popmusiek



1. Musiek as **verbruikers-artikel**: klassieke musiek aspireer om die siel van die mens te raak en mee te voer na 'n nie-rasionele ervaring ('n feit wat trouens van heelwat populêre musiek ook gesê kan word). Die sogenaamde edelheid van die siel en die artistieke ervaring is die onderliggende filosofie van meeste klassieke musiek en staan in sterk kontras met die verbruikersmentaliteit en winsgedrewenheid van popmusiek. Omdat die groot gros van popmusiek geproduseer word met die doel om soveel as moontlik te verkoop, moet dit aansluit by die mees toeganklike en eenvoudige musikale ervaringe wat die emosioneel oppervlakkige en kortstondige behoeftes van hoofsaaklik tieners (die grootste kopersmark) bevredig. Dit beteken gedurige herhaling van eenvoudige en kort musikale frases versier met soetsappige woorde, musiek met 'n baie kort rakwaarde.

Soos u kan dink, is dit 'n waardestelsel wat klassieke musiek liefhebbers behoorlik grief. Aan die ander kant is meesleurende emosionele ervaringe nie altyd almal se smaak nie en ligte musiek het wel deeglik sy waarde vir die breë publiek. Die werklikheid is ook dat klassieke musiek skaars 5% van die totale musiekindustrie verteenwoordig, selde homself kan finansier en altyd met min geld moet klaarkom. Dit terwyl miljoene rande in popmusiek rondgegooi word.

2. Die **kompleksiteit** van die struktuur en die inhoud: klassieke musiek ken 'n eeue oue geskiedenis waartydens groot ontwikkelinge plaasgevind het. Die musiek is gekomponeer deur hoogs begaafde en fynbesnaarde individue wat dikwels die hoogte en breedte van menslike ervaring daarin probeer

weergee het. As 'n mens na die bladmusiek van byvoorbeeld operas, simfonieë, liederes of strykkwartette kyk en dan na die musiek luister, besef 'n mens dit is groot kunswerke wat nie net baie knap geskryf is nie, maar ook groot emosionele uitdrukkingsvermoë het. Dis musiek wat nooit vervelig raak nie. Dit is ook die rede waarom dit as kuns beskou word en deurstaan dit die toets van die tyd.

Klassieke musiek is per definisie 'n musiekwêreld waarvoor 'n mens 'n sekere mate van aanleg en kennis nodig het om die waarde daarvan te besef en dit te geniet. Baie liefhebbers weet ook dat hul waardering van klassieke musiek met tyd, opvoeding en blootstelling ontwikkel het. Nie almal het daardie belangstelling of aanleg nie. Soos in punt 1 verduidelik, het meeste popmusiek glad nie hierdie strewe nie. En, wie het gesê dat kompleksiteit en sensitiwiteit meer waarde het as toeganklikheid en eenvoud?

3. Dieselfde kan gesê word van die verskil in **klankkleur**. Klassieke musiek maak hoofsaaklik gebruik van hoogs gekultiveerde klanke. Die kontras tussen die stemme van bv. Maria Callas en Britney Spears is 'n goeie voorbeeld van die kontras in estetiese (wat mooi is) waardestelsels. Die gekultiveerde stem simboliseer groot talent, geweldige dissipline en artistieke volmaaktheid en baie popmusici se stemme steek sleg af by opera stemme. Spears se stem en musiek het niks met 'n edele ervaring te doen het nie, maar dit spreek wel baie effektief tot veel groter groepe en sorg vir 'n toeganklike ervaring vir die massas. Klassieke luisteraars wat nie van die growwe 'edge' van popsangers se stemme hou nie, meen dat popmusici nie kan sing nie. In baie gevalle is dit tog 'n mite. Freddy Mercury van Queen kon wel deeglik sing, maar die model van hoe 'n mooi stem behoort te klink, verskil

van dié van klassieke musiek. Hy is trouens een van dié popmusici wat ek jammer is om nooit lewendig te kon hoor nie.

4. Dit is egter geen geheim dat popmusiek dikwels 'n **moreel suspisieuse boodskap** uitdra nie. Popmusiek kan nie sonder woorde bestaan nie en die verafgoding van romantiese liefde en seks word in 90% van popmusiek besing. Saam met 'n dreunende herhalende bas en hoë volumes, dra dit die onder-tone (of botone?) van 'n losbandige lewe. Sedert die ontstaan van musiekvideo's is 'n popliedjie sonder veelvuldige geromantiseerde beelde van die sanger ook nie sy sous werd nie. Ek het reeds twee keer die voorreg gehad om 'n konsert van die rockgroep U2 te kon bywoon en dit was vir my duidelik dat die musici self die 'gode' van ons tyd is, afgode in die werklike sin van die woord. (Die konserte was nietemin die moeite werd.)

Klassieke musiek is wat dit betref veel meer neutraal, hoewel dit nie noodwendig 'n Christelike boodskap uitstuur nie. Omdat die kerk vir baie eeue 'n werkgewer vir komponiste en musici was, bestaan daar baie musiek wat God as middelpunt het. Daar is egter heelwat operas wat uit en uit dekadent is as jy na die inhoud kyk. Die Fledermaus van Johann Strauss is 'n goeie voorbeeld: ligsinnig en vrolik met skitterende sang en lekker vermaak, maar in werklikheid dekadent met 'n suspisieuse morele inhoud!

5. Popmusiek se sterkste punt is dat dit geweldige **sosiale relevansie** het. Deur die ontstaan van die massa media bereik popmusiek almal, of jy nou wil of nie. Popmusiek lewer dikwels effektiewe sosiale kommentaar. Dit speel 'n baie belangriker rol in sosiale vorming en kultuur as klassieke musiek en dit is daarom belangrik om daarvan kennis te dra. Die uitgebreide sensuur wat daar op heelwat

popmusiek tydens die apartheidsjare in Suid-Afrika uitgeoefen is, is 'n aanduiding van hoe mense in regeringsposisies die trefkrag van popmusiek op die bevolking inskat. Daar was tye in die geskiedenis toe Westerse kultuur in plekke soos China en verskeie ander Midde-Oosterse lande heeltemal gesensureer is, en dis nie om dowe neutre nie.

Popmusici kan op sosiale vlak heelwat meer bereik as klassieke musici. 'n Goeie voorbeeld is Bono, die hoofsanger van U2. Ten spyte van die feit dat hy op die verhoog voorkom of hy die wêreld se grootste megalomaan is, is hy een van Afrika se groot aktiviste vir hulpverlening aan arm lande nadat hy en sy vrou vier maande in Ethiopië gaan werk het. Hy is in 2003 vir 'n Nobelprys vir hierdie werk genomineer. Ook het U2 in die apartheidsjare anti-apartheidsliedjies geskryf (wat natuurlik hier by ons verban was) wat groot bewuswording in die buiteland tot gevolg gehad het.

Klassieke musiek, daarenteen, bereik nie net kleiner gehore nie, maar het ook 'n onderliggende filosofie waar politieke bewustheid en sosiale vorming net nie belangrik is nie. Dikwels meen komponiste dat politiek of manipulering van waardes glad nie in klassieke musiek tuishoort nie, hoewel klassieke musiek wel sekere aspekte van 'n samelewing reflekteer.

Tot sover, in kort, 'n paar faktore wat die spanningsveld tussen klassieke musiek en popmusiek uitlig. Soos u kan sien is dit eintlik sinneloos om popmusiek en klassieke musiek teenoor mekaar te stel, Bach was nog nooit versus The Beach Boys nie. Hulle verskil soos appels en pere, met heeltemal uiteenlopende waardestelsels. Waardes wat jy kan aanhang of verwerp en waardes wat gedurig verander, afhangende van die tyd waarin ons leef.

Lekker luister!
Uit: *Grovemusic Online* ♣

DIE PLEK VAN MUSIEK IN TERAPIE

Hermie Kooyman

TEMA: MUSIEK

"As a kid, whenever I was a bit depressed, I'd always reach out for my guitar. I still do, that's how I discovered music can heal, it can do more than just ease the pain, it can throw a life line to people who can't be reached in any other way – that's the power of music"

– Paul McCartney

Musiek is al sedert die vroegste tye as terapeutiese middel aangewend. Die voorbeeld wat ons almal ken is Dawid wat harp speel om Saul te kalmeer (1 Sam. 16:23). Ons kom die idêe (dat musiek 'n invloed op gesondheid en gedrag kan hê) ook telkens teë in van die ou geskrifte, byvoorbeeld in die briewe en boeke van Aristoteles en Plato. Tog het die beroep musiekterapie eers werklik na die eerste, maar veral na die Tweede Wêreldoorlog begin groei. Die oorloë het dit gestimuleer omdat die musikante na hospitale gegaan het om vir soldate en oorlogsgewondes te speel.

Geleidelik het musiekterapie gegroei na 'n professionele, gestandaardiseerde beroep wat wêreldwyd erken word. In 1996 het die World Federation of Music Therapy 'n algemene definisie vir musiekterapie opgestel:

Music Therapy is the use of music and/or its musical elements (sound, rhythm, melody and harmony) by a qualified music therapist, with a client or group, in a process designed to facilitate and promote communication, relationships, learning, mobilisation, expression, organisation and other relevant therapeutic objectives in order to meet physical, emotional, mental, social and cognitive needs.

Music Therapy aims to develop potential and/or restore functions of the individual so that he or she can achieve better intra and/or interpersonal integration and, consequently, a better quality of life through prevention, rehabilitation or treatment.

Musiekterapie kan in baie verskillende situasies asook verskillende maniere aangewend word, byvoorbeeld: pasiënte met sielkundige probleme, (psigoties en neuroties), bejaardes met dementia, verstandelik vertraagde mense, kinders met leerprobleme, pasiënte met traumas, mense in heropbouprogramme, ens. Verskillende style musiek kan gebruik word. Die voordeel is ook dat die pasiënt geen vorige kennis van musiek hoef te hê nie. Elke mens reageer van nature outomaties op musiek. Musiekterapie gebruik bloot hierdie natuurlike reaksie, wat onderskei moet word van musiektalent.

Deur spontane, geïmproviseerde "speel met musiek" word musiek as 'n kreatiewe medium gebruik waardeur pasiënte so ontspan dat emosies beter ontdek en uitgedruk en dan ook verstaan word, sonder die gebruik van woorde.



Musiekterapeutiese behandeling word dan ook ingestem vir elke individu. Vir elke pasiënt word spesifieke doelstellings gestel en metodes gebruik wat die behoeftes van die pasiënt optimaal kan bereik. So kan onder andere op die kommunikatiewe, akademiese, motoriese, emosionele of sosiale vlakke gefokus word.

Die gestelde doelstelling kan bereik word deur te sing, te luister, instrumente te speel, te komponeer, ritmiese bewegings en selfs die verbeelding te oefen met musiek.

Wat is die verskil tussen sielkundige behandeling of behandeling deur 'n



musiekterapeut? Hoofsaaklik lê dit daarin dat musiek-terapie nie-verbaal is. Musiek is die primêre gereedskap. Gesprekke draai dan ook rondom wat in die

musiek gebeur het en watter effek die musiek op die pasiënt het. Uiteindelik kan dit wat so geleer word dan deurgetrek word na die alledaagse lewe.

Musiekterapie is net so belangrik vir gesonde mense. Dit kan help met stres vermindering en speel ook 'n belangrike motiverende rol (dink byvoorbeeld aan sport – byvoorbeeld hoe spelers en toeskouers in sport deur die gebruik van musiek opgesweep kan word). Soos een van die baanbrekers gesê het...

"Music is an universal experience ... Its message can encompass all heights and depths of human experience, all shades of feeling"

– Nordhoff & Robbins

Dinge waarmee musiekterapie ook kan help is onder andere:

- bevordering van gesondheid, geheue en kommunikasie,
- verbetering van selfkennis, inagneming van ander mense, die omgewing, selfvertroue en kognitiewe en motoriese vaardighede,
- verhoogde musikale kreatiwiteit en musikale ontwikkeling
- vermindering van pyn
- moontlikheid om gevoelens uit te druk

VOORBEELDE UIT EIE ERVARING:

Ek self doen vanjaar my praktiese jaar (stage) in 'n psigiatrisiese hospitaal in Mons, België. Daar werk ek meestal met psigotiese en neurotiese pasiënte, dwelm en alkohol verslaafdes, grensgevalle, verstandelik vertraagdes en bejaardes met dementia.

Omdat elke pasiënt 'n ander probleem het is dit belangrik om elkeen individueel te benader. Byvoorbeeld, ons het een pasiënt wat in haar eie wêreld lewe. Sy is vas oortuig dat die pous haar sal bel! Deur musiek probeer ons haar

bewusmaak van die verskil tussen die werklikheid en haar verbeelding. Om dit reg te kry is 'n sterk struktuur nodig. By 'n ander pasiënt is dit onmoontlik om toegang te kry tot sy verbeelding en dus probeer ons baie vrye improvisasies te doen wat op temas gebaseer is. Ons vind dat sy onderbewussyn dan oorneem en so kry hy makliker toegang tot sy verbeelding.

Mense het die neiging om onbewustelik hierdie pasiënte as 'n ander "spesie" te sien. Hulle word dan dikwels uitgesluit uit die maat-

skappy (wat genesing en latere herintegrasie in die samelewing bemoedlik) en bly baie alleen.

By behandeling is die grootste gevaar dan ook om slegs die probleem te sien en nie die mens nie. Elke mens is deur God geskape - selfs die moeilikste gevalle! As mens dit in gedagte hou kan mens selfs die moeilikste pasiënte ... psigies siek, 'n ander siekte as 'n liggaamlik gestremde persoon, behandel.

Musiekterapie konsentreer juis nie op wat fout is met die persoon nie maar op die kreatiewe potensiaal van die persoon. Siek mense kan weer kreatiewe mense word deur musiek.

So help musiek om weer kontak te maak met ander mense en skep die moontlikheid van 'n "brug" na die samelewing.

Ek sluit dus af met 'n aanhaling van Yehudi Menuhin:

"Music is therapy and has always been so." ❏

MUSIEK EN EREDIENS (I)

Dr J Smelik

TEMA: MUSIEK



In ons kerklike lewe is dit vanselfsprekend dat daar rondom en tydens kerkdienste musiek gemaak word. Die gemeente sing, die orrelis speel en op feesdae word soms ook ander instrumente of kantors (sangleiers) betrek. Ondanks die vanselfsprekende plek wat musiek in die liturgie inneem, is dit sinvol om reëlmatig te besin oor belangrike vrae soos: **Waarom is daar musiek in kerkdienste, waar kom dit vandaan en watter rol(le) beklee dit in die erediens?**

Besinning oor hierdie en ander vrae help byvoorbeeld ook om te voorkom dat vanselfsprekendhede niks-seggende, leë doppe word, of dat vanselfsprekendhede (verkeerdelik) nie meer gebruik word volgens die oorspronklike doel nie. Om dié rede sal ons in drie artikels kyk na die plek en funksie van musiek in kerkdienste. Ek sal nie spesifiek praat oor watter soorte musiek wel of nie in die liturgie wenslik is nie – dit gaan vir my eerder om die vrae wat dit voorafgaan, vrae wat wel betekenisvol is vir die vraagstuk van musiek-style en -genres wat in kerkdienste gebruik kan word.

As ons nadink oor die plek en funksie van musiek in die liturgie, is dit vanselfsprekend dat ons in

die besonder kyk na wat die Bybel oor die onderwerp sê en wat die Bybelse gegewens vir die hedendaagse praktyk (kan) beteken. Benewens hierdie invalshoek is dit egter ook moontlik en sinvol om gegewens by ons onderwerp te betrek wat vanuit ander bronne bekom kan word. Dink byvoorbeeld aan die inligting wat deur die musiekwetenskap aan ons oorgedra word oor ander kulture as ons eie. Hierdie gegewens kan veral sinvol wees om ons hedendaagse Westerse musiekkultuur, waarvan ons kerkmusikale praktyk 'n onderdeel is, krities te beskou. Die manier waarop ons na kerkmusiek kyk, watter wense en afkeurings ons op kerkmusikale gebied uitspreek, kan immers nie losgemaak word van die kultuur waarin en waarmee ons grootgemaak is nie.


MUSIEK EN RELIGIE

Soos reeds genoem, is dit vir ons gevoel doodnormaal dat musiek 'n plek in ons godsdienstige lewe het. Ons weet dat musiek reeds in die Bybel al religieuse funksies gehad het. Ons kan ons skaars indink dat ons godsdienste sonder musiek sou moes beleef en ons byvoorbeeld geen geestelike liedere (hetsy psalms of gesange) gehad het om te sing nie. Mens sou egter kon vra of die verhouding tussen geloof

en musiek nou tipies iets van die Christendom (eintlik in navolging van die Jodedom) is en of ons te doen het met 'n wyer verspreide verskynsel?

Laasgenoemde is die geval. Binne die etnomusikologie (die wetenskap van musiek in primitiewe kulture) is dit 'n bekende gegewe dat musiek en religie/kultus in die reël onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Hierdie situasie tref ons nie net aan by hedendaagse primitiewe beskawings wat tans ondersoek word nie, maar ook by kulture uit vervloë tye.

Die verhouding musiek-religie blyk byvoorbeeld duidelik as ons kyk na opvattinge oor die herkoms van musiek. Die Christelike kerk het musiek deur die eeue heen as 'n skeppingsgawe van God beskou. Vanuit die etnomusikologie sal hier aangevoer word dat 'n goddelike herkoms van musiek ook gereeld in ander beskawings verkondig word. Die ou Indiërs, Egiptenaars en Mesopotamiërs, byvoorbeeld, het mites geken wat vertel hoe musiek as 'n pragtige en liefdadige geskenk deur die godewêreld aan die mense geskenk is. Volgens 'n mite uit Indië het musiek-instrumente ontstaan deurdat 'n nimf uit die hemel moes vlug en op aarde in 'n boom beland het. Op die aarde kon die nimf slegs van haar laat hoor deur middel van musiekinstrumente wat sy van die boom se hout gemaak het.



Oor die algemeen kan ons sê dat mense in uiters verskillende kulture en tye musiek as 'n bonatuurlike gawe beoordeel het. Dit is eers anders in samelewings waarin die bonatuurlike ontken word of waarin religie 'n taboe is. So is daar sedert die Verligting in die Weste teorieë ontwikkel wat aan musiek 'n nie-religieuse oorsprong toeken. Vir Charles Darwin, om net 'n voorbeeld te noem, het die verskynsel "sing" as 'n funksionele middel in die evolusionêre proses ontstaan waarby swak diere terug moes staan vir die sterker soortgenote. Hy het verwys na voëlgesang, wat hy beskou het as een van die primitiefste vorme van musiek. By voëls sou die wyfies generasie op generasie mannetjies as maat gekies het wat die beste kon sing. Op dié manier sou musiek daarvoor gesorg het dat daar steeds beter en sterker voëlsoorte sou ontstaan. Op 'n soortgelyke manier sou musiek (d.i. sing) aanvanklik ook by mense gefunksioneer het en sou musiek oorspronklik dus met seksuele opwinding te doen gehad het. Diegene wat deesdae na die musiekstasies MTV of TMF kyk, sou maklik kon glo dat Darwin se teorie vandag nog bewys word. Maar dit daar gelaat!

Die band tussen musiek en religie blyk in baie kulture nie net uit die gegewe dat musiek as 'n goddelike gawe beskou word nie. Egiptiese en Griekse mites spesifiek ken baie gode en godinne wat op een of ander manier intensief met musiek te doen het. Die dogters van die Griekse god Zeus en Mnemosine – die nege muses wat elkeen 'n aspek van dans, musiek, taal en wetenskap verteenwoordig – is 'n baie bekende voorbeeld. Aanvanklik was binne die Mesopotamiese

beskawing die skole wat aan die tempels verbind was, die enigste plekke waar musiek onderrig kon word. Melodieë wat die mense as heilig beskou het is slegs deur ingewyde priesters mondeling oor-gelewer. Musiekmaak is gesien as 'n suiwer religieuse saak. Dit is verder belangrik om op te merk dat in die meeste kulture musiek gemaak is by allerlei daaglikse rituele en ander belangrike monumente uit 'n menslike lewe. Daarmee saam is veral magiese kragte aan musiek toegeken waardeur mens demone kon verdryf, onheil kon afweer en die gode gunstig kon stem.

Al wat ek met bogenoemde wil aantoon, is dat musiek in uiteenlopende uitgestorwe én bestaande kulture 'n vanselfsprekende en belangrike plek in die godsdienstige lewe (gehad) het. Primêr het musiek nie tot die wêreldlike behoort nie, maar tot die godsdienstige domein. Dit is duidelik dat musiek en religie/kultus van *nature* altyd al 'n noue verband met mekaar gehad het. Klaarblyklik hoort dit by die menswees dat die mens musiek vir godsdienstige doeleindes aanwend en in religieuse kontekste gebruik.

Wie nou die hedendaagse Westerse beskawing in oënskyn neem, sal sonder 'n uitgebreide ondersoek al tot die gevolgtrekking kan kom dat die band tussen musiek en religie nog maar marginaal is. Ook binne die Christendom word musiek nie dikwels primêr geassosieer met wêreldlike (en soms ook wêreldse) aangeleenthede nie.

MARGINALE PLEK EN FUNKSIES

'n Ander interessante en relevante verskil met die moderne Westerse kultuur is dat in ander beskawings musiek deurgaans 'n meer vanselfsprekende plek en funksie in die maatskaplike en godsdienstige lewe beklee. In ons kultuur is die plek van musiek in die daaglikse lewe gemarginaliseer. Dit vorm nie meer 'n vanselfsprekende, algemeen aanvaarde en dus bruikbare kommunikasiemiddel nie. Ons assosieer "musiek" dikwels met "konserte", dus duidelik afgesonderde oomblikke in die lewe van elke dag. Daarmee



word musiek nog soms hoofsaaklik as middel tot skoonheidsbeleving gesien en gebruik en as middel om (individuele) emosies te uiter. Bowendien is dit in ons kultuur relevant of jy "van musiek hou of nie".

Vir ander is musiekmaak bloot 'n ontspanningsaktiwiteit, 'n vorm van vryetydsbesteding, en 'n manier om die welsyn te verhoog. Binne hierdie gedagte-wêreld is musiek slegs beperk bruikbaar vir godsdienstige oomblikke en geleenthede. Musiek is dan in 'n groot mate 'n vreemde verskynsel in die godsdienstige opset.

In ons sameleving het musiek 'n marginale plek en word dit in die reël gehou vir spesiale geleenthede en in spesifieke kontekste. Ons sing byvoorbeeld net op partytjies/feeste, in voetbalstadions en kerkdienste. Musiek is in ons sameleving nie meer 'n vanselfsprekendheid wat vergelyk kan word met asemhaal of eet, drink en slaap nie.

In ander beskawings het musiek gewoonlik 'n belangriker plek in die daaglikse lewe. In ou kulture en nog bestaande primitiewe beskawings is die mens glad nie of skaars bekend met die verskynsel dat musiek slegs gebruik word vir vermaak of vir bevrediging van estetiese behoeftes. Die prinsipe "musiek-vir-die-musiek" (as variant van die bekende "l'art-pour-l'art"-prinsipe), waar musiek dus 'n doel op sigself is, is 'n karaktereienskap van die moderne Westerse beskawing wat mens nêrens anders kry nie.

In ander beskawings is musiek amper altyd 'n geïntegreerde deel van 'n groter geheel. So is daar geleerdes wat beweer dat die mees oorspronklike funksie van musiek

was om liggaamlike beweging te begelei, waarby mens dan moet dink aan arbeid en dans. Dit is heel moontlik. Dit is dus uiters duidelik dat musiek in ou kulture nie apart gesien kan word van beweging en taal nie. As illustrasie noem ek die Vediese (Hindoeïstiese) geskrif *Nātyaveda* uit Indië van ongeveer 200 v.C., waaruit dit duidelik word dat die mens musiek as onlosmaaklik verbind gesien het met gebare, dans en woorde.

BASIS VAN MUSIEK

By musiek word veral onderskeid getref tussen vokale musiek en instrumentale musiek. (Vroeër is die verkeerde term “sang en musiek” gebruik, asof “sang” nie “musiek” is nie ...) In ons kerkmusikale praktyk is vokale musiek die belangrikste. Vir die liturgie is die liedere wat ons sing baie belangriker as die solistiese orrelspel. Oor die algemeen kan gesê word dat in die kerkmusiek die gesonge woord altyd ‘n meer prominente posisie gehad het as die instrumentale musiek.

In die Weste geld dit trouens vir die hele musiekwêreld tot ongeveer die agtiende eeu dat vokale musiek baie meer belangrik was as die instrumentale. Eers in die agtiende en veral die negentiende eeu het instrumentale musiek “geëmansipeer” en het ons die ontstaan van suiwer instrumentale genres en vorme gesien, vorme wat bowendien nie van die vokale musiek afgelei is nie. U kan dink aan die ontstaan en die gewildheid van konserte vir verskillende solo-instrumente: simfonieë, serenades, sanates, ensovoorts.

Binne die kerkmusiek het die gesonge woord egter die primaat behou. En dit is nie net tiperend vir die Westerse kerkmusiek nie. Binne die etnomusikologie is dit ‘n algemeen bekende gegewe. In primitiewe kulture blyk “sing” die belangrikste en soms ook die enigste vorm van musiekmaak te wees. Vir sover ons nog kan rekonstrueer, was instrumentale musiek sonder sang in die ou beskawings uit die Midde-Ooste en Indië ‘n skaars bekende verskynsel. En toe dit al ‘n bekende verskynsel was, moet ons na kulture uit die Verre Ooste verwys.

Kortom, myns insiens is dit uiters verdedigbaar om “sing” (vokale musiek) as die begin en basis van alle musiek te beskou. Van oorsprong is instrumentale musiek hoofsaaklik *afgelei* van die vokale musiek. Hierdie gegewe is binne die Christendom al meermale gebruik as een van die redes om mens te verset teen die liturgiese gebruik van instrumente. U kan dink aan die verbod binne die gereformeerde Protestantisme uit die sewentiende eeu om die orrel vir liturgiese gebruik aan te wend.

PRAAT EN SING

Binne die Christendom word dus ‘n meer gewettigde plek aan vokale musiek toegeken as aan instrumentale musiek. As ek dit reg beskou, vind ons dikwels wel dat daar ‘n duidelike hiërargie tussen praat en sing bestaan. As ons oor kerkdienste praat, word die gesproke woord gewoonlik hoër aangeslaan as die gesonge woord.

Vir baie mense bestaan daar selfs ‘n wesenlike verskil tussen praat en sing. Dit blyk uit die teenstand wat hier en daar bestaan teen die praktyk om, in plaas van ‘n gebed *uit te spreek*, die gebed as gemeente te *sing*. Byvoorbeeld dat daar in plaas van die *gesproke* gebed om verligting met die Heilige Gees ‘n lied gesing word waarin hierdie bede verwoord word (soos die Nederlandse Liedboek se Gesang 327 of 328, of Skrifberyming 28). Om tot die gesamentlike *sing* van die “Onse Vader” te kom, moet meer as een keer in diepte bespreek word, terwyl dit glad nie ‘n probleem is as ‘n predikant dieselfde gebed uitspreek nie.

Volgens my idee het die gedagte dat daar ‘n funksionele verskil tussen sing en praat bestaan, te doen met die uitkyk op musiek wat karakteristiek is vir die moderne Westerse wêreld, maar ‘n visie wat wêreldwyd en ook geskiedkundig beskou deurgaans nie gedeel word nie. Hierbo het ek reeds aandag daaraan bestee: musiek het by ons ‘n duidelik afgebakende terrein vir liefhebbers geword, waarby skoonheidsbeleving, welsyn en ontspanning dominante doele is.

In kulture waar musiek hoofsaaklik funksioneer as ‘n alledaagse middel ter ondersteuning of begeleiding van intermenslike kommunikasie deur woord of gebaar, blyk dit dat sing en praat nie as teengestelde mededingers beskou word nie. Intendeel, musiek (melos en ritme) voeg in die beskawing iets toe tot die taal en ondersteun en intensiveer die woord. Juis omdat die musiek hom in primitiewe en ou beskawings na taal gerig het, was die mens onbekend met die gedagte dat “sing” van ‘n laer of wesenlik ander orde sou wees as praat. Die teendeel is eerder waar: Die heiligheid van die rituele handelinge en woorde kon ‘n aanleiding wees om die woorde te sing eerder as om dit uit te spreek.

Dat praat en sing naby mekaar lê, kan ons nie net uit ander beskawings leer nie, maar ook in ons kultuur waarneem. ‘n Eenvoudige voorbeeld uit ons daaglikse lewe: ‘n hartseer kleuter wat na sy ma roep, doen dit outomaties singend. Die twee lettergrepe van die smekende roep “mamma” word gesing/geroep op twee tone wat gesamentlik ‘n dalende klein tertsvorm. Dit is die musiekinterval wat ons ken vanuit die aanhef van byvoorbeeld Psalm 22: “my God, my God, waarom verlaat u my.”

Die hegte verhouding tussen praat en sing ken ons ook uit die berugte “preektoon” wat veral die oueres onder ons nog wel van vroeër kan onthou. In die hitte van sy betoog het die woorde van die predikant half singend, half pratend opgeklank. Trouens, ook by baie huisvaders het die Bybellees aan tafel vroeër tussen praat en sing afgespeel. In sekere opsig is daar op ‘n “verhoogde toon” gepraat. Eintlik kan mens sê dat sowel die predikant as die huisvader ‘n ongekultiveerde vorm van Gregoriaans gebruik het. Gregoriaans (d.i. die liturgies eenstemmige, resitatiewe sang wat in die eerste eeue van die Christelike kerk ontwikkel het) is in wese ‘n manier van praat, ‘n vorm om woorde oor te dra waarby gebruik gemaak word van toonhoogte en ritme. In Gregoriaans word ‘n (liturgiese) teks deur middel van

ritme en melodie verduidelik en geïntensiveer.

Kortom, praat en sing is baie nou met mekaar verwant. Daar is nie 'n hoofverskil tussen die twee nie, maar slegs 'n verskil in graad. Origens het ek nie hiermee verdedig dat praat spesifiek die oorsprong was van musiek, soos die filosowe Jean Jacques Rousseau en Herbert Spencer betoog het nie. Tog wil ek die stelling verdedig dat sing van oorsprong en van *nature* by 'n mens hoort en pas. En ook dat musiek (en in besonder sing) 'n *natuurlike* plek in die godsdiens-tige lewe van die mens het. Dit sou 'n kenmerkende resultaat van modern-Westerse denke wees as ons musiek in die kerkdienst uitsluitend wantrouig sou benader, omdat musiek van oorsprong en vernaamlik met doeleindes (bv. skoonheidsbeleving of vermaak) te doen sou hê wat geensins of skaars met die godsdiens-tige lewe verenigbaar is nie. Buitendien wys die Skrif ander paaie.

In die Bybel word op talle plekke oor musiek gepraat. Dit is nie moontlik, en ook nie sinvol vir ons onderwerp, om hier 'n beskrywing te gee oor musiek in die Ou Testament en sy plek in die daaglikse lewe van die Israeliete nie. Net oor die musiekinstrumente wat in die Bybel genoem word, sou daar al baie verhale vertel te wees. Ek beperk my egter tot gegewens wat myns insiens van belang is vir ons hedendaagse situasie.

Die aantal skrifgedeeltes waarin musiek ter sprake kom, is in die Ou Testament baie meer as in die Nuwe Testament. Nie net bevat die Ou Testament baie meer liederen nie, maar oor sake omtrent die organisering en invulling van die kerkmusiek word ons in die Ou Testament baie beter ingelig as in die Nuwe Testament.

Ons is besonder skaars en fragmentaries ingelig oor die Nuwe Testamentiese kerkmusikale praktyk. In die vroeë Christelike kerk is daar gesing, maar wat presies kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Lesings is moontlik uit die Skrif

voorgedra, geresiteer op 'n manier wat ons as sing sou klassifiseer. Dit is wel seker dat daar liederen gesing is wat nie tot die Ou Testamentiese psalmboek behoort het nie. Dit blyk uit sowel die Bybel as nie-Bybelse bronne. Ons is nie ingelig oor of in die beginperiode van die Christelike kerk die sing van *psalms* in die kerkdienste/same-komste gebruiklik was nie. Die dikwels geuiteerde gedagte dat die Christelike kerk die psalmsing, die psalmodie, van die sinagoge oorgeneem het, is niks meer as 'n hipotese nie. Dit lyk selfs waarskynliker dat dit *nie* die geval was nie. Dit is onbekend of psalms tydens Christus se lewe op aarde in die sinagoges gesing is. Dis nie sonder rede dat ondersoekers teenswoordig daarvan uitgaan dat die sing van



psalms sowel in die Jodedom as die Christendom pas 'n ontwikkeling uit die derde/vierde eeu na Christus is nie. Hierdie gegewe werp 'n nuwe lig op die gedagte dat die boek Psalms *altyd* al die liedboek was vir die amptelike samekomste van God se volk.

VOKALE MUSIEK

Net soos in ander lande en kulture uit die ou tyd, het vokale musiek in die tyd van die Bybel voorkeur bo instrumentale musiek gehad. Die Skrif bevat baie tekste wat gesing is. Uiteraard kan ons hier heel eerste dink aan die psalms uit die gelyknamige boek en aan die liederen wat elders in die Ou Testament gevind kan word. Vanuit ons praktyk en gewoontes is dit minder voor die hand liggend dat byvoorbeeld ook hele gedeeltes uit die profete gesing is. Dat die mense in die Ou Testament net psalms gesing het, is dus nie waar nie; die repertoire was baie breër. 'n Gesangkweessie het die

mense destyds nie geken nie – ook die mense in die vroeë Christelike kerk.

Hoe die musiek geklink het, weet ons ook nie. Ook oor die uitvoeringspraktyk is baie min bekend. Wat wel bekend is, is dat sing in beurt- en wisselsang die normale praktyk was. Hierby kan u dink aan die afwisselende sing tussen solis(te) en koor, of tussen twee kore, of tussen solis/koor en volk. Gemeentesang soos ons dit ken is 'n Westerse uitvinding wat eers in die vierde eeu na Christus ontstaan het en vanaf die reformasietyd 'n hoë vlug geneem het.

Die praktyk van afwisselend sing van persone en groepe hang hoogs waarskynlik ook saam met 'n literêre stylfiguur wat tiperend is vir Oosterse poësie: die sogenaamde parallelisme. Hierdie stylfiguur behels die volgende: as ons die onbelymdede psalmtekste bekyk, kan ons al in een oogopslag sien dat elke vers dikwels uit twee gedeeltes bestaan wat by mekaar hoort. Na alle waarskynlikheid is hierdie twee gedeeltes deur twee verskillende persone/groepe gesing. Byvoorbeeld:

(sanger 1:) *O Here, straf my nie in u toorn*

(sanger 2:) *en kasty my nie in u grimmigheid*

Die praktyk dat afwisselend deur groepe en persone gesing was, is heel direk herkenbaar aan die keervers uit psalm 118 en 136: "... (want) sy goedertierenheid sal bestaan in ewigheid". Dit is voor die hand liggend dat hierdie refrein deur die volk of 'n koor geskandeer/gesing is.

Ons het hier trouens te doen met 'n belangrike en meer dikwels gebruikte lofprysingsformule. Behalwe in die genoemde psalms tref ons die keervers ook aan in 1 Kronieke 16:34,41; 2 Kronieke 5:13, 7:3,6, 20:21; Esra 3:11; Psalm 100:5, 106:1, 107:1, 138:8 en Jeremia 33:11. In feite gee die refrein in 'n neutedop weer waarom die kerk God loof en prys.

Vir Kompas vertaal deur Sandra Zielman ✠

DIE HALLELUJALIED IN KERKE VAN GEREFORMEERDE BELYDENIS IN SUID-AFRIKA

Ds H Breytenbach



TEMA: MUSIEK

VANDAG

Die Hallelujalied in ons land kan 'n opwekkingslied genoem word - ingevoer uit die VSA. Die lied het in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n invloed in Suid-Afrika gekry wat steeds voortwerk. En tog is dit belangrik om daarop te let dat in 1978, sowat 'n honderd jaar na die invoer daarvan, die invloed in die NG Kerk grootliks verminder het. In die negentiende eeu het dit op die kruin van die herlewingsbeweging gery, maar teen die einde van die twintigste eeu het die herlewingsbeweging in 'n groot mate plek gemaak vir die charismatiese beweging sowel as die "Church Growth" beweging. In die "Liedboek van die Kerk" wat in 2001 verskyn het, het die ekumeniese bewuswording hom in die keuse van liedere uit verskillende kerklike tradisies laat geld. By navraag is dit duidelik dat benewens die amptelike bundel bly die "Gospel" lied gewild en die "geestelike luisterlied" in die Engelse taal het meer en meer aanhangers. Steeds is daar onder die ouer geslag lidmate 'n heimwee na en nostalgie oor die Hallelujalied.

Die doelbewuste poging om leiding te gee oor die aard en wese van die kerklied, en die reaksies op die musikale sowel as die teologiese gehalte van die Hallelujalied, het mening daarteen help vorm. Die waarde van musikoloë se werk in die verband moet nie onderskat word nie. Die strewe van predikante en lidmate om vanuit die gereformeerde standpunt enersyds en vanuit 'n reaksie teen die subjektivering van die verlossingswerk van Christus andersyds die Hallelujalied af te wys, het in die jongste drie dekades navolging gevind.

DIE VESTIGING VAN DIE HALLELUJALIED AAN DIE KAAP

Psalms is van die begin af in die gereformeerde kerk aan die Kaap gesing. Daar kan verskillende

redes aangewys word waarom die sing van Psalms aan die Kaap egter nie tot sy reg gekom het nie. Veral in die twintigste eeu is daar gesoek na alternatiewe melodieë en maniere om die sang te verbeter.

Een: 'n Belangrike rede tot die verwaarlosing van die Psalmsang en die vestiging van die "vrye lied" was die invoering van die Evangeliese Gesange in 1814 op patroon van die Kerk in Nederland wat dit vanaf 1807 gebruik het. Dit het die rasionalistiese gees van die tyd geadem en alhoewel daar nie veralgemeen kan word nie, het die vrye lied gebrek gely ten opsigte van skriftuurlike en teologiese diepgang en het dit afgewyk van die regte leer. Dit het aanleiding gegee tot 'n stryd binne die NG Kerk wat later op 'n afskeiding in gemeentes soos Colesberg uitgeloop het.

Twee: Die verskyning van die "Sondagskool" uit die dampkring van die Metodisme in Suid-Afrika met sy klem op die aanleer van ywer in die godsvrug, het naas die Psalms en Gesange die wenslikheid van liedere om die kinders tot dade aan te spoor, beklemtoon. In 1863 is "Die Kinderharp" van die hand van ds. Charles Murray van Graaff-Reinet gepubliseer. Die meeste van die liedere is uit Engels vertaal en het 'n Morawiese, Lutherse, Episkopale en Wesleyaanse oorsprong. Murray het die werk op eie inisiatief gedoen. Spoedig was daar teenkanting en versoeke dat dit deur die sinode goedgekeur moes word. Die sinode was van oordeel dat dit uitstekend te pas sou kom vir gebruik in die Sondagskool en Kinderdienste en het dit aanbeveel. Kerkrade en Ringe is vermaan om dit te ondersoek en aan die Skrif te toets. In 1886 het die sinode slegs drie foutiewe uitdrukkings gevind wat reggestel moes word. Teenkanting, onder andere deur ds SJ du Toit, het voortgeduur.

Drie: Die Opwekkingsbeweging vanuit die VSA en Brittanje het die vroomheid in die NG Kerk beïnvloed. Vanaf 1860 vind een na die ander grootskaalse "herlewing" op verskillende plekke plaas. Hierdie beweging het wêreldwyd dieselfde kenmerke vertoon: buitengewone werkinge van die Heilige Gees en emosionele opwelling en toewyding aan die Here. Dit was in hierdie tyd dat "Die Kinderharp" verskyn het. Die verlamming van die kerk vanuit die liberale teologie wat deur sommige predikante die gemeentes ingedra is, is nie teologies bestry nie, maar met beroep op die beoefening van godsvrug. Daartoe moes lidmate opgewek word om hulleself te verloën en "iets vir die Here te doen". Daarvoor is herlewing gesoek en was die vrye lied toenemend gesien as 'n middel om mense op te wek. Ds Andrew McGregor van Robertson het vanaf 1871 vertaalde "Revival Hymns" in sy Sondagskool gebruik. Die versameling het hy "Zionsliederen" genoem. Tot in 1903 met die twaalfde druk het dit in omvang van die aantal liedere wat opgeneem is, geweldig uitgebrei. Dit het die weg gebaan om ook liedere van die sanger Ira Sankey van die VSA, wat saam met die evangelis DL Moody by herlewingsdienste opgetree het, daarin op te neem en aan die gemeentes bekend te stel. Kinders het hiermee opgegroeï. Maar daarby het dit nie gebly nie. Ouer mense het ook daaraan verkleef geraak. Die heimwee wat daarin vertolk word, het die harte ontroerd gelaat.

Vier: Met die agteruitgang in die sing van Psalms, is JS de Villiers opgedra om nuwe melodieë uit te gee. Daar verskyn in 1883 van die sinode: "Halleluja! Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika". Hy het singbaarheid en goeie gehalte teenoor mekaar gestel en na singbaarheid

gestrewe. Nie al die melodieë het byval gevind nie en dit het nie die voortdurende behoefte aan 'n verskeidenheid sangwysies bevredig nie.

Vyf: Teen die eeu wending na die twintigste eeu was die kerklike verenigingswese bloeiend. Die ywer vir die diens aan die Here deur eendersvoelendes is saamgesnoer in verenigings wat voortgedryf was deur konferensies, "vrye" samekomste, spesiale bidure en emosioneel gelade sang. In die Anglo-Boereoorlog het hierdie verenigings in die krygsgevangene kampe gedy. Daar was steeds 'n behoefte aan 'n bundel wat die mooiste opwekkingsliedere bevat. In 1903 het "Halleluja: Liederer voor Zondagscholen, Strevers- en Jongelingsverenigingen, Conferenties en bijzondere Diensten" verskyn. Onder die 411 liedere was daar een Psalm, sewe Gesange en ook 'n aantal liedere uit "Die Kinderharp" en "Zionslieders". Ongeveer 150 Sankeyliedere is daarin opgeneem. Naas die Psalms en Gesange wat in die samekomste van die gemeente gebruik is, moes die bundel in 'n groot bykomende behoefte voorsien ten opsigte van liedere vir die vrye byeenkomste.

Ses: Met die aanvaarding van Afrikaans as kerktal het die sinodes van die NG Kerk in Kaapland, Transvaal en die Oranje-Vrystaat in 1931 "Die Nuwe Halleluja" laat verskyn. Dit is uitgegee as 'n "taalpoging". Dit moes die minderwaardige vorige "Halleluja" vervang. Die Psalms, Gesange en Liedere is vertaal. Teen die sesde druk in 1938 was daar 75 Psalms, 100 Gesange en 230 Liedere opgeneem. Die Liedere het 'n "heilsordelike" verdeling gehad. Die doel was om die sang in die Sondagskole en onder die Jeug te bevorder. Die jeug, is veronderstel, sou 'n voorliefde hê vir "opgewekte" liedere. Daarvoor moet "besielende" geestelike liedere verskaf word. Die kinders moet ook vertrouwd raak en vertrouwd bly met die Psalms en Gesange.

Sewe: Dit was duidelik dat "Die Nuwe Halleluja" aan 'n toets onderwerp moes word ten opsigte van die norme wat aangelê is vir 'n kerklied.



Daar is bevind dat daar liedere in opgeneem is wat nie pas by "ware Protestantse Godsverering" nie. Dit is deur die verskillende sinodes hersien en deur die Kaapse Sinode met 'n amptelike status geklee wat tekswysiging sou uitsluit. En die doel bly: die kinders moet nie van die amptelike kerklied vervreemd raak nie. In 1949 verskyn hierdie hersiene bundel wat die kinders in hulle eie taal moes vorm: "Die Halleluja: Psalms, Gesange en Ander Liedere vir Huis, Dag- en Sondagskool en Jeugverenigings". Menige lied het 'n nuwe melodie gekry maar die woorde is behou. 'n Aantal liedere van goeie musikale gehalte is uit die Duitse en Engelse tradisies verkry. Die Psalms en Gesange is nou saam met die Liedere verdeel en het hulle aanvaarde nommers verloor. Die verwarring was groot en dit het tot veel kritiek aanleiding gegee.

Agt: Van die Liedere wat weggelaat is weens die gehalte van die melodie of wat 'n nuwe melodie gekry het, was steeds gewild. Die Kaapse Sinode het in 1960 'n "verbeterde" uitgawe van die Halleluja gepubliseer waarin die gewilde ou wysies ten minste as alternatiewe gegee is. Van die 28 was 23 van Sankey. Die "nuwe" wysies van 1949 het nie werklik inslag gevind nie. Van die ander sinodes het hewige kritiek gekom omdat hulle nie in die saak

geken is nie (die verskillende sinodes het in 1962 in 'n Algemene Sinode verenig). Hierdie uitgawe is as 'n terugwaartse stap bestempel.

Nege: In die jare na 1960 kom verskillende musikoloë na vore en neem dit op vir die kerklied van gehalte. Die opwekkingslied se swak gehalte is telkens openbaar. Daar is ook aangedring op teologiese beoordeling. Die "Halleluja" is gesing tydens die bekende Pinksterbidure en in vele gemeentes voor of na die samekoms van die gemeente. Maar volgens die kundiges asook die leiding wat vele predikante gegee het moes dit die kerkdeur uit. Daar moes 'n nuwe Psalm en Gesangboek verskyn (1978) wat ook die heel beste uit die geleedere van die Halleluja sou insluit en wat voldoen aan musikale en teologiese norme vir die kerklied. Dit volg op die Psalmberyming van 1937 en die 1944 uitgawe van die Evangeliese Gesange in die Afrikaanse taal. Meer gesange is in 1978 opgeneem, waaronder 'n aantal voor-reformatoriese en reformatoriese liedere uit die Duitse tradisie. Bestaande gesange is grondig hersien. Daar moes maar een liedboek vir gebruik in die kerk wees.

Tien: In die jare na 1978 neem die frekwensie van die sing van die Halleluja aansienlik af. In die Pinksterbeweging verander die musiek-smaak. Die NG Kerk probeer beter

leiding gee ten opsigte van sang. Daar is 'n sterk charismatiese stroom. Daar is 'n tipe mistiek en 'n hoogkerklike beweging wat by die Anglikaanse kerk met sy rituele aansluit. In 2001 verskyn "Die Liedboek van die Kerk" wat aangevul word met verdere gesange van die vroeë en Middeleeuse kerk, die reformasie en ander rigtings. Daar is egter steeds liedere wat buite die amptelike bundel om gesing word en wat aanklop om daarin opgeneem te word. Hierin is die invloed van die Christelike Studente Vereniging op hoërskool duidelik te sien. In die Afrikaanse Protestantse Kerk word die tradisie van die Hallelujalied voortgesit. In die Verenigende Gereformeerde Kerk word lustig uit die "Nuwe Sionsgesange" gesing in die amptelike samekoms van die gemeente. En in die NG Kerk mymer bejaardes in ouetehuse en eensaam in kamertjies oor gevoelvolle Pinksterdienste waarin die opwekkingsliedere van die Halleluja hulle meegesleep het, wat altyd 'n hoogtepunt was op die kerklike almanak.

DIE HALLELUJALIED GEWEEG

Daar is alreeds verwys na die tipiese kenmerke van die Hallelujalied. Dit adem die gees van die negentiende eeuse herlewings en kom uit die kring van die Engeltalige Metodisme en pinksterbewegings. Dit voldoen nie aan die norme van 'n kerklied in musikale en teologiese terme nie. Dit het die volk aangespreek en meegevoer met maklik aanleerbare wysies en woorde.

Een: Die melodieë dra nie die woorde nie. Die melodie is nie daar ter wille van die woorde nie. Maar melodie en woorde vorm een middel om die emosie op te wek.


Twee: Die melodieë is nie gerig op die belydenis of aanbidding van God nie, maar op die binneste van die mens. Die ritme en streling dra 'n gevoel of sentiment oor en is arm

aan onderrig en leidinggewing aan die gemeente vanuit die Skrif. Dit wil praktiese effek hê in die individu.

Drie: Daar is min of geen kontras met die gewone musiek van die volk wat aan die einde van die negentiende eeu mode was onder die werkersklasse nie.

Vier: Ernstige musikale gebreke kan uitgewys word in melodiese konstruksie. Musiekteoreties is daar soms te veel groot spronge, daar is komatiese verhogings en verlagings, swak modulaties, herhalings, verkeerde ritmes.

Vyf: Teologies is die groot beswaar dat die Bybel verkeerd gebruik word. Bybelse "begrippe" en "waarhede", die "heilsorde" word gebruik om



bekering en herlewings op 'n rasionele wyse, handboekmatig deur middel van die instrument van opwekkende sang en herhaling, te bewerkstellig. Die teologiese omgewing waarbinne hierdie liedere gedy is Remonstrants, pentekostalities en moralisties. God se openbaring van die redding in Jesus Christus funksioneer swak en die mens word op homself en op die beleving en uitlewing van sy geloof gewerp.

Ses: Die funksionering van die Hallelujalied in die gemeente is kerkafbrekend. 'n Tweede liedboek waaruit die kinders geleer word om te sing, voorspel belydende lidmate wat hulle harte op hierdie liedere

plaas en vir wie die sing van Psalms en Gesange in die kerk dodelike sleur word. Dan sal die vrye byeenkoms natuurlik groter byval vind as die gereelde samekoms van die gemeente. Ouers het nie die belofte wat hulle by die doop van hulle kinders gemaak het, behoorlik nagekom nie. Hulle het nie hulle kinders geleer om die Psalms te sing nie. Dikwels is daar by huisgodsdienst Hallelujaliedere gesing.

Sewe: Behalwe vir musikale afwysing van die liedere deur die NG Kerk, is daar ook ander redes waarom die Hallelujaliedere nie meer gehoor word nie. Behalwe vir musiekmodos word ook teologiese modes nagevolg. Daar was afwysing vanuit gereformeerde belydenis deur sommige predikante. Die feit dat die sinode besluit het dat dit nie meer gesing word nie, was waarskynlik die grootste oorweging. Die invloed van verskillende teologiese rigtings moet nog nagevors word. Daar is sterk klem gelê op die objektiewe karakter van die heil en die verinnerliking daarvan is hand en tand beveg. Die mense wat die Hallelujaliedere gesing het, het die Here liefgehad en geëer. Dit moet ons raaksien en eer. Dit het ongelukkig uiting gevind in die sentimentele lied wat hulle gesing het. Liefde vir die Here en sy Woord kan nie van rigtings wat Skrifkritiek beoefen gesê word nie.

Natuurlik kan die Here nie reg gedien word as ons afwyk van die ware leer nie. Wat ons aangaande Hom bely bepaal hoe ons Hom dien. Of dit onkundig deur 'n sentimentele lied is wat ons sing, of met voorbedagte rade deur die Skrif te bevraagteken. Ons verantwoordelikheid in die gemeente ten opsigte van die kerklied is onontwykbaar. Ons verantwoordelikheid op Psalms te sing en ons kinders daarin te onderrig moet ons doelgerig op ons neem. Daarmee neem ek nie standpunt in teen gesange as sodanig nie.

□

DIE GESKIEDENIS VAN DIE ORREL TOT DIE MIDDELEEUE

Jan Zielman

TEMA: MUSIEK



Almal weet dat die orrel sy ontstaan gehad het uit die rietfluit, wat daarna ontwikkel het tot 'n panfluit. Die panfluit het verder so vergroot dat die mens se "windvoorsiening" nie meer genoegsaam was om die fluite van 'n goeie reëlmatige wind te voorsien nie. Die mens se longe is toe vervang met gestroopte dier-velle - wat wel 'n groter volume gehad het - maar beslis geen reëlmatig vloeiende lug na die fluite gebring het nie, dan praat ons nog nie eens van 'n konstante druk nie.

Dit het verander met die uitvinding van die orrel met min of meer die vorm van die huidige positief, die "Organum Hydraulicum", of soos ons dit beter ken die "Waterorrel".

Die gedagte om die fluite vertikaal te plaas was opsig geen nuwe uitvinding nie. Die Hebreeuse woord vir hier die vorm van opstelling is, *ugab*, wat vier keer in die Bybel voorkom, (Gen 4:21, Job 21:12 en 30:31, en Ps. 150:4). In die Griekse vertaling van die Ou Testament word hierdie woord met *Opyavov* (*gereedskap of soort instrument*) vertaal wat soms tot verwarring gelei het. *By die ou Nederlandse en Duitse Bybelvertaling het hulle by Ps 137 die orrels in die wilgerbome gehang.*

Die instrument is nie deur 'n musikus uit gevind nie maar deur Ktesibos, 'n Griekse pneumatiese ingenieur, wat in die 3^{de} eeu v.C. in Alexandrië gebly het. Die uitvinder het ontdek hoe 'n mens 'n enorme panfluit, met 'n reëlmatige lugstroom onder konstante winddruk kon gebruik, boonop kon elke pyp van die instrument d.m.v. 'n toets bedien word. Met hierdie uitvinding is ook die eienskappe van die orrel vasgelê, soos dit deur die eeue heen tot vandag toe nog steeds toegepas word.

- Een of meer rye sprekende pype
- Een of meer windlaaie waarop die pype staan en waarin die wind gebêre word.
- Voorsiening van lug d.m.v.

pompe en blaasbalke
• Toetsbord wat die instrument bedien
Instrumente wat nie bostaande eienskappe besit nie, kan nie 'n orrel genoem word nie.

DIE HELLENISTIESE ORREL

Dit is glad nie vreemd dat in die Hellenistiese eeu 'n instrument van so 'n uitstaande gehalte ontdek en ontwikkel is nie.

Alexandrië, in 332 v.C. gestig, het 'n beroemde stad van wetenskap en navorsing geword. Die destydse koning van Egipte, Ptolemaeus Philadelphus (± 283 v.C.), het baie moeite gedoen om die stad op 'n baie hoë vlak van ontwikkeling te bring. Die biblioteek van die stad het ongeveer 500 000 boeke gehad. Baie van die geleerdes is oorreed om na die stad te kom, deur hulle van kos en huisvesting te voorsien op koste van die staat. Bekende name uit die tyd (wat ook 'n sterk invloed op die denkrigting gehad het) is Aristoteles, Argimedes en 'n belangrike ou vir ons musiek-mense, Ptolemaeus, wat bewys het dat die toonhoogte gevorm word deur die aantal golflengtes in 'n trilling. Uit ondermeer hierdie studie het ook die verskillende pyp lengtes ontstaan, die oktaaf die helfte van die lengte, twee-derde vir die kwint, drie-kwart vir die kwart, daarom word die geproduseerde toonhoogte by 'n orrel gevorm, deur pype wat onegalig van lengte is. En dan Ktesibos, die seun van 'n

haarkapper, wat die waterorrel uitgevind het. Ktesibos het nog baie meer uitvindings gedoen. Opgemerkt moet word dat water baie keer gebruik is vir die aandryf van meganismes, soos klokke, musiekoutomate, kunsvoëltjies wat d.m.v. vallende water in 'n pyp - waardeur die lug verplaas word - begin fluit het. Daar was selfs 'n bootjie wat deur stoom aangedryf was. Ktesibos was 'n beroemde man, bekend in die hele antieke wêreld. Ktesibos se vrou, Thaïs het geleer om die orrel te bespeel en het daardeur die eerste orrelis in die geskiedenis geword.

Vir die volgende 150 jaar is daar weinig of geen informasie oor die ontwikkeling van die orrel nie. Dan so ±100 jaar voor Christus se geboorte word in 'n geskrif van Delphi ontvou dat die ontwikkeling van die orrel glad nie stil gestaan het nie, intendeel dit het so bekend geword dat die stad Delphi ene mnr Antipatros, (iemand wat die waterorrel bespeel), van Kreta uitnooi om deel te neem aan 'n tweedaagse orrelkompetisie. Die uitslag is oorweldigend, Antipatros wen die kompetisie en word vereer soos 'n god. 'n Standbeeld word gemaak, hy kry die reg om as vreemdeling grond en huise te besit, en nog 'n hele reeks gepaste eerbewyse word aan hom toegeken.

Hieruit kan ons die konklusie trek dat die instrument baie gewild geword het en so 'n goeie geluid was, dat hulle twee dae daarna kon luister. Verder dat daar ook al bekwame en virtuose orreliste was, wat van Kreta na Griekeland gereis het om aan 'n orrelkompetisie deel te neem. Ons kan seker maar aanneem, dat in die tyd van Christus op aarde, die klank van die orrel nie onbekend was nie

DIE ORREL IN DIE ROMEINSE TYD

Vanaf die middel van die eerste eeu n.C. het die Hydraulicum baie



gewild geword by o.a. die teatergebruik in Rome. Keiser Nero, van wie ons baie slegte dinge weet, was 'n baie bekwame amateur musikus. Hy het hom laat onderrig deur die beste leermeesters in onder meer sang, kitaar, liere, en orrel. Nero het verskillende Hydraulicums in sy besit gehad. Hy het baie daarvan gehou om die orrels aan gesantskappe te wys en te demonstreeer.

Telkens weer word in die antieke tekste verwys na die wonderlike klank van die instrument. In 'n geskrif van Tertullian (160-225) vertel hy ons van die soet en effens nasale klank van die labialepype, teenoor die meer kragtige klanke van die tongpype, en dat dit 'n klank voortbring het soos die stem van mense wat sing. Ook was daar ontwikkeling waarvoor die tyd nog nie ryp was nie. Die water in die waterorrel het baie keer moeilikheid gegee, veral met die vervoer van die instrument. Hulle het toe teruggegryp na die ou balk sisteem, die soort smitsbalk, wat toe al vir meer as 1 000 jaar bekend was. Met die sisteem kon die orrels groter gemaak word. Die balkorrels is "Organum Pneumaticum" genoem. Om twee redes het dit nie gewerk nie, eerste die tegnieese; die groot "smitsbalke" was nog altyd afhanklik van 'n insuigtyd vir die wind, daardeur was daar onderbrekings in die spel, wat nie by die hidrouliese orrel voorgekom het nie. Tweedens was die hidrouliese orrel meer in aanvraag vanweë die kompleksiteit van die meganisme, en die geheimsinnige rol wat die water daarin gespeel het.

Teen die einde van die vyfde eeu was die orrel al so bekend dat die filosoof Simplicius van Celicia oor een van sy reise skryf, "orals waar hy gaan het hy opgemerk dat die kitare, dansers en die hidrouliese orrels gebruik word tot vermaak van mense".

Op 'n grafskrif uit 'n oue Romeinse begraafplaas by Boedapest, vernem ons, dat die orrel saam met ander instrumente en die gladiatore, deel was van die vermaaklikheidskorps van die Romeinse legioene. Die vrou van Aelius Justus (die be-



taalde orrelis van die 2^{de} legioen), Adjutrix, het gesterf op die leeftyd van 35 jaar 3 maande en 14 dae. Sy het die snaarinstrumente bespeel en in haar leeftyd publieke konserte op die hidrouliese orrel gegee, tot groot genoeë van die publiek. Op 'n ander gedenksteen by die dood van 'n gladiator staan onder ander geskryf "dat hy nie meer die geluid van die onegale pype sal wakker maak nie."

Op inisiatief van keiser Konstantyn die Grote, het die Romeinse ryk na die ooste toe verskuif, met as nuwe hoofstad Bisantium. Hierdie skuif was nogal belangrik vir verdere kulturele ontwikkelings, ook op musikale gebied. Die ontwikkelings het vandaar uit weer deurgesyfer na die Arabiese lande en Sirië.

Met die val van Rome teen die einde van die vyfde eeu, het die orrel baie vinnig in die weste begin verdwyn, en in die agste eeu het hulle in die weste vergeet dat daar ooit so iets as 'n orrel bestaan het.

DIE BISANTYNSE ORREL

Tog bly die orrel behoue in die Bisantynse ryk, en staan in die geskiedenis bekend as die Bisantynse orrel. Vir die volgende 1000 jaar ontwikkel die orrel ook nie vreeslik baie nie. Die groot verandering wat wel waar-geneem kan word is dat die Hydraulicum so stelselmatig uit omloop verdwyn, en vervang word met die balkorrel wat in die geskrifte altyd as "Opyavov" beskryf word. Interessant is die geskrif van die Arabier Harun Ben-Jahja uit 867, wat as krygsgevangene na die hoofstad gebring is. Hy gee 'n beskrywing

van die banket, wat op Kersdag aan die Moslemgevangenes voorgesit is deur Keiser Basil I. Halfpad deur die ete word daar 'n orrel, met sestig koper pype, binne gebring wat tot glorie van die keiser bespeel word. Wat opval in die beskrywing is dat die orrel twee smitsbalke besit wat gepomp word voordat die orrelis kom. Dit kan alleen beteken dat daar 'n soort magasynbalk in die orrel moes gewees het aangesien dit anders sinloos sou wees vir die twee mense om voor die tyd te begin pomp. Werklik 'n hele ontwikkeling.

In die Bisantynse ryk, ±950, is die orrel baie by seremonies op kerklike feesdae gebruik: terwyl die mense sing het die orrel gespeel. Veral daar waar die keiser in die openbaar verskyn het, was dikwels 'n orrel aanwesig wat gebruik is as hy die saal inkom of verlaat.

DIE TERUGKEER VAN DIE ORREL NA WES-EUROPA

Vir hierdie gebeurtenis moet ons weer twee eeue teruggaan. In die tyd was dit maar baie rumoerig in die streke. Dit was groot wedywering tussen die verskillende stamme. In 'n magstryd tussen Pepyn die Korte, ± 750, die Pous en die Bisantynse keiser Konstantyn, kom die orrel as 'n diplomatieke geskenk terug na Europa. Die kronieke vertel van 'n instrument wat nog nooit vantevore in Frankryk gesien is nie. Verder word genoem dat dit 'n pragtige instrument was (prestantissimum), met 'n geluid van rammelende donder, die ligte trilling van die liere, en die sjarmante gerinkel van klein klokkes.

In 826 verskyn die eerste Europese orrelbouer op die toneel, Georgius, 'n priester van Venesië, wat 'n orrel vir die Frankiese keiser gebou het. Baie lof is aan hom toegedig in talle geskrifte en gedigte. 'n Baie belangrike gebeurtenis is dat die leerlinge van Georgius die orrelbou-kuns oor die hele Europa versprei het. Die meeste van sy leerlinge was monnike, dit is dan ook geen vreemde gedagte dat die monnike so 'n pragtige instrument in die diens van die kerk toebedeel het nie. Die tradisie dat orrelbou deur kloosterlinge beoefen is het nog baie lank voortgeduur. Dink hier byvoorbeeld aan die baie belangrike werk oor orrelbou deur Dom Bedos in 1800, "Die Kuns van die Orrelbouers". Die werk is nog steeds 'n standaardwerk vir die hedendaagse orrelbou.



Uit baie gedigte uit die middel van die twaalfde eeu blyk dit dat die orrel in die kerke gevestig was en 'n beduidende rol in die liturgie gespeel het, soos 'n gedig uit 1155 'n beskrywing gee van die kragtige spelende orrel, en monnike wat harmonieus saamsing.

Die Portatif, 'n klein draagbare orreltjie, het in die vroeë Middeleeue baie in bekendheid toegeneem. Die instrumentjie, maksimaal twee registers van ± 21 pype, was waar-

skynlik al in die Bisantynse tyd bekend. Die orreltjie is baie deur die troebadoers gebruik, asook in prosessies en publieke byeenkomste. Die instrumentjie was lig genoeg om op armlengte te dra, dit is met die regterhand gespeel terwyl die linkerhand die balkie bedien het.

Net so 'n gewilde instrument vir prosessies en openbare geleenthede was die Positief, 'n verskuifbare instrument, met twee of meer registers. Die Positief kan gesien word as 'n meer verfynde voortsetting van die "Organum Hydraulicum/Pneumaticum". Die instrument is baie keer op 'n wa rondgery, en die volume was ook sterk genoeg vir sekere religieuse seremonies.

By die einde van die dertiende eeu het die orrel al so gewild geword dat die stede met mekaar gewedwyer het oor die groter van die orrel. Ook die sterk groeiende kerk van die tyd het daartoe bygedra dat die orrelbouer op 'n manier geforseer is om steeds groter en kompleksere instrumente te bou.

Bron: *THE ORGAN, From its Invention in the Hellenistic Period To the end of the Thirteenth Century.*
- Jean Perrot

DIE MIDDELEEU

In die elfde eeu is die orrelbou in Europa in volle gang. Baie van die orrels word natuurlik in die kloosters geïnstalleer. Die katedraal van "Canterbury" het al 'n orrel gehad voor die brand van 1114, en in 1158 is die kerk van Freising deur 'n brand verwoes, waarmee ook die pragtige klokke en die orrel verlore gegaan het.



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927

Besondere Geskenke!

- Prof B Spoelstra: Gereformeerde kerkreg en kerkregering - R285
- Prof L Floor: My tye is in U hand (preke) - R60
- Ds G Meijer: Twaalf maal geseënd (preke) - R49
- Ds P Venter: As daar lig is, is daar vrug (preke) - R39
- Ds H Momberg: En as ek sterwe - R39
- Ds W ten Haaf: Gewaarborgde oorwinning (Bybelstudie Daniël) - R80
- Ds R Visser: Lewe sonder God sinloos (Bybelstudie Prediker) - R39

- Dr C van der Waal: Sola Scriptura (Ou Testament) Drie dele - R39 elk
- Dr J Visser: Die Kerkorde in praktyk Herdruk in voorbereiding (kan reeds bestel word)
- Totius: Versamelde werke - R700
- Pelsers, PJ: Evolusie en die Bybel - R89
- Psalmboeke: Totius-beryming - R97
- Bybel (drie vertalings: 1933/53, 1983 en NIV) - R1350
- ARSO - Gereformeerde skoolboeke: lys beskikbaar.

Alle pryse sluit BTW in. Posgeld R2 per boek.

CD's ook verkrygbaar: (Martin Mans, Dub de Vries, Aafje Heynis, Urker Mannenkoor, ens.)

Ander takke:

Folmer Boekhandel
(Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 - 948 5883



SEFANJA

– Die Dag van die HERE

K. Bijzet

BYBELBOEK BEKENDSTELLING

TEMA VAN DIE PROFESIE

Vir baie van ons is die profeet Sefanja maar bra onbekend. Ons lees en praat min daaroor en ook in die prediking kom hy en sy boek nie dikwels in die kollig nie. Tog is wat hy gesê het, baie belangrik. Nie net vir sy eie tyd nie, maar ook vir ons. Die Heilige Gees het ook hierdie profesie aan ons oorgelewer.

As ons 'n hoofkenmerk van Sefanja se profesie sou wil noem, dan is dit die tema van die *Dag van die HERE*. Hierdie tema kry ons ook by ander profete soos byvoorbeeld Amos en Joël, maar by Sefanja staan dit baie sentraal. Daarom moet ekstra aandag daaraan gegee word.

Die *Dag van die HERE* is die dag waarop Jahweh sy volk besoek. Die uitwerking van daardie besoek kan tweërlei wees – seën of vloek. Dit is nie een enkele dag aan die einde van die geskiedenis nie, maar die HERE besoek sy volk telkens weer. Die verbondsvolk was hiermee blykbaar ook bekend. By Amos lees ons: “Wee dié wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie” (Amos 5:18). Telkens is daar by Gods volk 'n heillose gerustheid.

Dit kry ons ook by Sefanja. Daarom staan ook by hom die oordeel van die HERE voorop. Die oordeel oor Juda, maar ook oor omliggende volke as 'n waarskuwende voorbeeld vir die verbondsvolk. “Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg, spreek die HERE” (Sef. 1:2). Die vloek kom met kosmiese geweld soos in die dae van die sondvloed.

TYD VAN DIE PROFESIE

Eintlik lyk dit vir ons eienaardig. Want vers 1 vermeld uitdruklik dat Sefanja geprofeteer het “in die dae van Josia, die seun van Amon, koning van Juda”. In die boeke Konings en Kronieke lees ons dat

Josia 'n baie vrome koning was wat selfs twee reformasies deurgevoer het. Eers is alle afgodsbeelde en afgodediens uitgeroei en daarna, nadat die wetboek van die HERE gevind is (II Kron. 34:14) is ook die lewe positief aan die HERE gewy. Hoekom dan so 'n donker prentjie?

Ons lees egter ook in genoemde boeke dat die direkte voorgangers van Josia baie goddelose konings was. 'n Lewe weg van Jahweh kon blykbaar nie in die verloop van enkele jare omgekeer word nie. Daar is wel veronderstel dat Sefanja veral in die eerste tyd van die regering van Josia opgetree het. Hy was toe nog 'n kind. Maar ons moet ook onthou: dit neem tyd om volledig van die diens van die afgode na die diens van Jahweh te beweeg.

Daar kom nog iets by. In die eerste vers van die boek word ook die afkoms van Sefanja vermeld. Nie een van die profete kry so 'n uitgebreide genealogie nie. “Sefanja, die seun van Kusi, die seun van Gedalja, die seun van Amarja, die seun van Hiskia”. Dikwels word aangeneem dat genoemde Hiskia die koning Hiskia was wat in sy tyd ook 'n reformasie deurgevoer het. Sefanja was dus uit die koninklike geslag. Hy is onder die vorste getel en was daardeur baie goed op hoogte van sake met die toestand in die land. Hy het toegang tot die binnekring gehad!

DIE SONDES VAN DIE VOLK

Wat was die sondes van die volk waarop Sefanja die aandag vestig en wat die toorn van die HERE opwek? Hoofstuk 1 gee 'n oorsig oor die lewe van die volk. Daar is diegene wat nog altyd die Baäl dien (vs 4) en ander wat die leër van die hemel aanbid (son, maan en sterre); verder diegene wat (baie sinkretisties) sowel by die HERE as by Milkom (of Molog) sweer (vs 5). Die laaste was 'n af-



skrikwekkende godheid wat selfs kinderooffers gevra het. Vers 6 praat dan van almal wat van die HERE afvallig word en Hom nie soek en raadpleeg nie. Hierby aansluitend word 'n verkeerde lewenstyl vertoon. 'n Lewenstyl soos by die heidene gevind word. Dit blyk veral uit die klere wat hulle dra (vs 8) en die manier waarop hulle die huis van hulle Here binnekom, naamlik deur oor die drumpel te spring (vs 9). Dit dui waarskynlik 'n handelswyse aan wat ten doel het om korrupsie te pleeg. Sommige verklaarders dink hier egter ook aan 'n magiese handeling wat dus die halfheidense lewenstyl aksentueer. Merkwaardig wat hier genoem word. Ons sou nog ander sondes verwag. Maar wat hier genoem word, moet ons wel tot nadenke stem. Juis oor 'n sinkretistiese lewe wil die HERE sy volk besoek. Dus 'n lewenshouding waarby die diens aan die HERE vermeng word met die diens aan die afgode.

Almal word genooi om te kom op sy *Dag* wat hier as 'n offermaaltyd voorgestel word. Die gaste word daartoe “geheilig”, vir 'n bepaalde funksie gereed gemaak. By so 'n maaltyd pas dit om stil te wees uit eerbied vir die Gasheer. Swyg voor die Here HERE (vs 7). Dit is nie geoorloof om nou eie sake en eer te soek nie.

Op die *Dag van die HERE* sal niemand kan ontkom nie. Want die HERE sal Jerusalem met lanterns deursoek. Aansluitend aan wat reeds genoem is, spel vs 12 uitdruklik uit wat die HERE teen 'n groot deel van die volk het. Die HERE sal “besoeking doen oor die

manne wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die HERE doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie". Dit beteken: hoewel die Naam van die HERE moontlik soms nog genoem word, word in die praktyk van die lewe geen rekening met Hom gehou nie. Die lewende omgang met die God van die verbond in alle dinge van die lewe het verdwyn. En dit is die eintlike afval van die HERE. Dit verarm. Daarvoor kom God se toorn.

Dis hierdie "praktiese ateïsme" wat dikwels die lewe juis binne die kerk vernietig. Geen blatante bestryding of verloëning nie. Die lewe, ook die kerklike lewe, gaan aan. Maar die diepte ontbreek. Let dan ook op die swaarte van Gods oordeel soos hier aangekondig word. Vernietiging, ja, 'n verskriklike oordeel oor die bewoners van die wêreld (of van die land) (vs 18). Gewoonlik word so 'n oordeel oor heidense volke uitgespreek.

OPWEKKING TOT BEKERING

Die HERE is baie lankmoedig. Hy verwerp sy volk nie sommerso nie. Dit behoort ook tot die *Dag van die HERE*. Daar is altyd 'n oproep tot en moontlikheid van bekering. In hfst. 2:1-3 hoor ons die oproep: "Kom tot julleself, ja, kom tot inkeer, o nasie wat nie skaam word nie!" Bekeer julle voordat dit te laat is. "Soek die HERE, o alle ootmoediges van die land wat sy ordening onderhou". Dit is dus die teenoorgestelde van wat in 1:6 genoem is - die afvalliges wat die HERE nie soek nie.

Die ootmoediges is diegene wat nie hoog van hulleself dink nie. Dit is die "armes van gees". Hulle soek die HERE in lewende omgang met Hom. En juis omdat hulle so van die HERE afhanklik is, verstaan hulle ook die woord: "miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die HERE". Die 'miskien' dui aan dat die poort nou is. Hy wat hom bekeer, het in homself geen reg op aanname nie. Maar in Christus is daar die moontlikheid, ja, die sekerheid, tot ontvlugting van die toekomstige toorn. Hierdie oproep tot bekering was baie gepas in die tyd van koning Josia. Dit behels 'n

oproep vir die volk om die koning in sy reformasiewerk te ondersteun.

OORDEEL OOR DIE VOLKE EN OOR JERUSALEM

Want Gasa sal verlate wees, so begin vs 4. van hfst. 2. Die kanttekening by die Statevertaling sê oor hierdie woordjie "want": die HERE sal omliggende volke swaar straf; "zoo kunt dan gij, Joden, uwe rekening wel maken, dat Hij ulieden ook niet verschoonen zal, tenzij gij boete doet". Die volke wat genoem word, was ou vyande van die volk van die HERE – die Filistyne, die Moabiete, die Ammoniete, die Kusiete en ten slotte Assur met Ninevé as hoofstad. Drie volke naby en twee wat verder weg was. Al hierdie volke het die volk van God en daarmee die HERE, smaadheid aangedoen. En dit kan die HERE nie verdra nie. Hy handhaaf sy eie heiligheid.



Die Kusiete moet gesoek word op die plek wat nou Ethiopië genoem word. 'n Tydlank het hulle Egipte aan hulle onderwerp en saam met Egipte opgetrek. Die oordeel oor die Kusiete beteken dan tewens die oordeel oor Egipte, die plek van die slawerny.

Assur (of Assirië) was die volk wat in die tyd van koning Hiskia teen die Tienstamme ryk opgetrek en dit in ballingskap gevoer het. Die leër van koning Sanherib het toe tot aan Jerusalem gevorder. Die stad het toe gespaar gebly, maar van die platteland van Juda is baie mense in ballingskap gestuur. Die HERE doen besoeking hieroor, ondanks die sondes van die volk. Veral Assirië en Ninevé word baie swaar gestraf. Die bekering van die Ninevië

op die prediking van Jona het nie stand gehou nie.

Die volke wat naby Juda was – Filistea, Moab en Ammon – het alles moontlik gedoen om die lot van Juda nog swaarder te maak. Dit kon Jahweh nie verdra nie. Merkwaaardig is dat hulle, na die terugkeer van Juda uit Babel, deur die Jode in besit geneem sal word. Dit is dan 'n leë gebied en dit kan maar benut word. En verder – juis Moab en Ammon word gedreig met strawwe soos die wat Sodom en Gomorra getref het (vgl. Gen. 19:31 e.v.).

Die oordeelsprediking hou nie by die ander nasies op nie. Dit gaan verder en nou word Jerusalem spesifiek aangespreek. "Wee die opstandige en die besoodelde, die verdrukkende stad. Dit luister na geen stem nie, dit neem geen tugtiging aan nie; op die HERE vertrou dit nie, tot sy God kom dit nie nader nie" (3:1 en 2).

Drie leidende groepe binne die volk word uitgesonder en genoem. Eerstens die vorste en regters – brullende leeus en aandwolwe. Vervolgens die profete – ligsinnige, trouelose manne. Ten slotte die priesters – hulle verontreinig wat heilig is en verkrag die wet. Die drie ampte het in verval geraak. Net koning Josia word nie genoem nie. Hy wou wandel in die paaie van die verbond.

Is dit reg – die verskriklike strawwe wat reeds in hfst. 1 genoem is? En dit nie net oor ander volke nie, maar juis oor Jerusalem, die stad van die Allerhoogste? Is hier geen sprake van onreg nie? Nee. "Die HERE is regverdig binne-in Hom; Hy doen geen onreg nie; elke mōre laat Hy sy reg aan die lig kom, dit ontbreek nooit nie; maar die kwaaddoenerken geen skaamte nie" (3:5). Die reg van die HERE is die reg van sy liefde, die reg van sy verbondstrou. Maar omdat die volk, die ander party in die verbond, geen skaamteken nie, sal die HERE met sy oordeel kom. Hy sal daartoe die volke vergader om teen die verbondsvolk op te trek.

Verwag dus die HERE op sy dag. Hy kom om sy buit te verkry. Sy volk sal sy toorn voel en ervaar. En ander volke wat die HERE nie wou ken en dien nie, sal in die gerig saamgesleep word. Hy het dit reeds getoon by die eerder genoemde volke.

Ook vandag moet ons nie die hand van die HERE miskyk nie. Hy kom en beweeg die aarde. Hy regeer die wêreld en laat toe dat in die sentrum van die handel, waar die menslike trots hoogty vier, die betreklikheid van daardie trots getoon word. Hy beroer die aarde en bring rampe. Maar dit alles is vir ons as sy kerk 'n waarskuwing. Lukas 13 praat oor twee rampe wat toe plaasgevind het. Was die mense wat toe omgekom het, groter sondaars as ander? "Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (Luk. 13:5).

GENADE DEUR GERIG

Die oordeelsprediking kom egter nooit sonder dat ook die genade daarin verkondig word nie. So ook hier. Die heilsboodskap begin m.i. reeds in vs 9 van hoofstuk 3. Die vuur van die gerig bring nie net verwoesting nie, maar dit bring ook suiwering. "Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring". Soos

Jesaja se lippe aangeraak is deur 'n kooltjie van die altaar (Jes. 6), so gee die HERE dit ook aan die hele oorblyfsel van sy volk. En nie net dit nie, ook ander sal toegebring word. Selfs van oorkant die rivier, van Kus sal mense kom om aan die HERE te offer. 'n Ellendige en geringe volk sal oorbly, hulle wat by die Naam van die HERE skuiling soek. Dieselfde geluide wat reeds in hfst 1 gehoor is, word nou weer gehoor. Diegene wat bereid is om deur die nou poort te gaan.

Die HERE sal hulle sondes wegneem, sodat hulle nie skaam hoef te wees nie (vs 11). Ook sal die oorblyfsel van Israel geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie. Daarom sal hulle wei en neerlê en niemand sal hulle verskrik nie (vs 13). "In die Dag sal aan Jerusalem gesê word: vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie! Die HERE God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel" (vs 16 en 17). En ook diegene wat nog ver weg is van die fees, sal opgesoek en toegebring word.

Een kudde onder een Herder. Gods volk word gemaak tot 'n lof op aarde, 'n roem vir alle volke. Die einde is baie groter as die begin.

Die volke word saamgeneem in die oordeel, maar ook in die genade. So werk onse God.

Wanneer is of word al hierdie dinge vervul? Soos u waarskynlik wel weet, het elke profesie meer as een vervulling. Wat Sefanja betref, kan ons in die eerste plek dink aan die reformasies onder koning Josia. Later het die volk egter opnuut teen die HERE gesondig en is in ballingskap weggevoer. Maar ook hieruit is hulle verlos. In die boeke Esra, Nehemia en ook in die profesieë van Haggai en Sagaria hoor ons van die ontferming van God by die herstelde tempel. Ook diegene wat ver was van die fees, is toe aangebring.

By die koms van onse Here Jesus Christus kry ons 'n heerliker en ryker vervulling, spesifiek in verband met die toebring van alle volke. 'n Nuwe Israel tree aan. 'n Volk wat ook in die nuwe tyd die oordele van die HERE moet onderken, maar wat geheilig is deur die bloed van Christus waarop daar altyd gepleit mag word. Die finale vervulling sal ons egter kry op die *Dag van die HERE* as Christus terugkom op die wolke van die hemel. Salig hy of sy wat met verlange hierdie Dag inwag en sy of haar klere rein hou. ☩

DIE KERK IS CHRISTUS SE GEMEENTE (II)

– Enkele opmerkings by die tema: Die kerk in die Skrif

Ds Rob Visser

LEER EN LEWE

WIE IS 'n SKEURMAKER?

Ons moet op hierdie vraag 'n duidelike antwoord kan gee. Wanneer het mense skeurmakers geword? Wanneer is 'n afskeiding skeurmakery pleks van reformasie?

Ons kry met skeurmakery te doen as mense hulle eie siening so sterk dryf dat hulle nie meer die verskeidenheid in die kerk wil aanvaar en verdra wat volgens God se Woord verdra moet word. Dis skeurmakery as ons mense in die kerk aan meer wil bind as waar die Skrif ons aan bind. As dit gebeur noem ons dit

bo-Skriftuurlike binding. Dis skeurmakery as ons die groep opsoek of laat ontstaan waarby ons ons die beste tuisvoel en ons daarom van 'n ander afstig sonder om te kan sê dat hierdie kerk nie meer op die fondament van Christus, op die fondament van apostels en profete bou nie.

Voorbeelde van hierdie vorm van skeurmakery sien ons o.a. in die gemeente van Korinte waar groepe rondom die naam en die uitstraling van sekere persone vergader.

Paulus skryf daaroor:

"Want dit is aan my deur die huisgenote van Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is. Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Cefas, en ek van Christus. Is Christus gedeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop? (1 Kor. 1:11-13)

'n Ander voorbeeld van hierdie vorm van skeurmakery sien ons in 'n bepaalde optrede van Petrus. Daarvan skryf Paulus aan die gemeentes

in Galasië die volgende: “Maar toe Petrus in Antiogië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordelend gestaan het. Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar na hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat ‘n Jood is, soos ‘n heiden lewe en nie soos ‘n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?” Sien vir die vervolg van hierdie geskiedenis Handeling 15.

Sodra ons mense gaan bind aan menslike gebruike waaraan God ons nie bind nie is ons met skeurmakery besig.

BIND EN ONTBIND

Baie belangrik vir die problematiek van kerk en verskeurdheid is wat Christus na aanleiding van Petrus se belydenis sê van die sleutels van die koninkryk en die bind en ontbind. In Matt. 16:19 sê Christus: “En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

Wat is nou die verhouding tussen die sleutels waarvan Christus praat en die bind en ontbind? Is dit so dat Hy daarmee op 2 sleutels wys waarvan een die toegang tot die hemelse Koninkryk oopsluit en die ander die toegang tot hierdie Koninkryk toesluit? Dis nie die geval nie, want die woorde bind en ontbind het onder die Jode ‘n besondere betekenis gehad. Hierdie woorde het by Jesus se leerlinge dadelik ‘n sekere gedagte, ‘n bepaalde beeld opgeroep. Dis ook

die manier waarop hierdie woorde op ander plekke in die Nuwe Testament gebruik word. Matt 5:19; Joh 7:23; 10:35; Rom 7:2; 1 Kor 7:27,39.

As die Jode gesê het dat hulle iets bind of ontbind, het dit beteken dat hulle iets **geldig of ongeldig, iets verbindend of nie verbindend** verklaar het nie. Die Rabbyne het dan uitgespreek dat ‘n sekere leer, uitspraak of lewenstyl reg of verkeerd was. Petrus en die ander leerlinge en daarna die ampsdraers en Christus se kerk in die geheel word geroep om te bind en te ontbind.



Hoe gaan Petrus en die ander apostels dit doen? Dis op dié oomblik dat Jesus hierdie woord uitspreek nog toekomspraak. Dis musiek wat verseker werklikheid gaan word. In Matt. 16:19 word nog die woord **sal**, die toekomende tyd gebruik. Voordat dit werklikheid kan word moet daar eers nog sekere dinge gebeur en gedoen word.

Petrus het bely dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is. Nogtans mag Jesus se leerlinge die mense nog nie daaraan bind nie. In vers 20 sê Jesus met klem vir sy leerlinge dat hulle vir niemand mag sê dat Hy Jesus die Christus is nie. Jesus gaan eers nog sy leerlinge verdere onderwys gee. Die leerlinge moet eers nog meer van Hom weet, moet die regte beeld van Hom kry. Hulle moet nog

leer dat Hy juis as die Christus, as die Seun van die lewende God moet ly. Dit is iets wat hulle nog nie verstaan nie. Waarteen hulle selfs in verset kom. Dit sien ons al dadelik nadat Hy vir die eerste keer nadruklik oor sy lyding praat. Sien vers 22,23.

Jesus se leerlinge kan mense nog nie aan die regte beeld van Hom bind nie en kan daardeur die verkeerde leer nog nie mooi herken nie. Hulle kan dit nog nie ontbind nie.

Jesus bly sy onderwys gee. Hy doen dit ook dadelik na sy opstanding. Dan verskyn Hy weer aan sy leerlinge. As Hy die aand na sy opstanding by hulle verskyn, wys Hy hulle hoe in die Ou Testament van sy lyding en opstanding geskryf word. Ons lees dan in Lukas 24:45: “Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.” Nou het sy leerlinge die juiste beeld van Hom vanuit wat Hy gedoen het en wat Hy hulle uit die Ou Testament geleer het. Hulle kan dit nou met God se Woord bewys. Hierdie aand verdwyn die **sal, die toekomende tyd** wat ons nog in Matt. 16:19 gelees het. Ons hoor nou uit Jesus se mond hierdie woorde wat duidelik uit die belofte van Matt. 16:19 voortkom:

“Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.” (Joh. 20:21-23)

Van daardie oomblik af moet die dissipels as Jesus se getuies optree. Hulle moet nou op die pad vorentoe duidelik maak waaraan mense gebind is. Wat die ware leer is, wat ‘n lewe volgens Christus se gebooie is. Hulle moet op daardie manier die pad na Christus, na die vergewing van die sondes wys. So moet hulle die evangelie verkondig en mense aan Jesus, wat die

Christus is, bind. Hulle moet die mense wys wat die geldige Woord van God is. Die Woord waaraan mense gebind is en waarsonder niemand gered kan word nie.

Dit het hulle ook in die praktyk van die eerste Christelike gemeentes gedoen. Hulle het gewys waaraan hulle gebind is as hulle regtig kerk van Christus wil wees. Hulle gebruik regtig die sleutels van die hemelryk. Enkele voorbeelde daarvan is: 1. Hand. 2:38,42
2. Hand. 5:3-5, 9,10
3. Hand. 15:1,5,7,22,28,29
4. Die Nuwe-Testamentiese briewe waarin verskillende gedagtes en leringe as dwaalleer uitgewys word.

Die apostels het gewys wat die regte leer, wat die regte lewe is. Hulle het Christus se kerk in sy naam daaraan gebind. Hulle het ook gewys wat dwaalleer is, wat 'n lewenstyl is wat in Christus se kerk nie kan bestaan nie. Hulle het die dwaalleer en 'n lewe teen Christus se geboorte ongeldig verklaar. Hulle het dit ontbind. Hulle het so die pad van die hemelse Koninkryk gewys. Hulle het so gewys waar Christus se kerk is. Daar waar die kerk op die fondament van die apostels en die profete bou. Sien Ef. 2:20; Openb. 21:14.

WANNEER WORD 'n KERK 'n KERK WAT SKEUR?

Die antwoord daarop kan baie kort wees. Dit gebeur as 'n kerk haarself nie meer bind aan dit waaraan Christus ons deur sy apostels gebind het nie. As 'n kerk dit waaraan die Skrif bind ontbind en dit wat daar ontbind word geldig verklaar.

Dan word so 'n kerk 'n gevaar vir God se volk. Dan is so 'n kerk 'n instituut wat mense in verwarring bring. Dan saai hierdie instituut twyfel en wys selfs die verkeerde pad. Laat mense op 'n pad stap wat van Christus af weglei. Daarvoor mag ons geen medeverantwoordelikheid neem nie. Ons moet in Christus se kerk vir die waarheid van die evangelie stry sonder om sektaries te word. Ons mag aan die ander kant nie aan 'n kerk bou waar waarheid en dwaalleer altwee 'n wettige plek kan inneem nie. So 'n

kerk is nie Christus se kerk nie. Want Christus se kerk bind en ontbind in gehoorsaamheid en oorgawe aan die onfeilbare Woord van God.

Dit gebeur o.a. deur die binding aan die Drie Formuliere van Eenheid. Hierdie binding mag geen lippetaal wees nie. Dit kan maklik so word. Mense begin dan van 'n dinamiese binding aan die belydenis praat. Hulle begin om te sê dat die belydenis ons 'n uitstaande voorbeeld van die geloof van die vaders gee waarop ons op ons manier voortbou.

Woorde kan baie mooi klink maar steeds weer word dit duidelik dat hierdie woorde moet verdoesel dat mense, dat leraars, dat kerke hulle nie werklik aan die leer van die Skrif wil bind nie. Mense wil nie antities teenoor die tydgees staan of bly staan nie. Mense wil nie hulle plek eenkant isolasie inneem nie. Hulle wil meer aanvaarbaar vir die wêreld rondom hulle wees. Dit is 'n ding wat sowel in die teologie as in die kerklike lewe 'n verwoestende invloed uitoefen. Ons het hier met ons doodsvyand (die wêreld) te doen wat by ons ander doodsvyand (ons eie sondige natuur) aansluiting vind.

Ons sal dapper in die geloof moet wees en as leraars en lidmate van die kerk moet aanwys waaraan Christus se kerk gebind is en wat ontbind moet word. Ons moet wys wat verskeurdheid is en weier om in 'n kerk te lewe of te bly lewe waar dwaalleer en 'n onbybelse lewe 'n wettige plek ontvang. Ons moet Christus se trop so lei dat ons saam 'n kerk mag vorm waar verskeidenheid in gehoorsaamheid aan Christus die kerk laat blom. Waar ons in Christelike verdraagsaamheid lewe, waar ons nie sektaries is nie. Waar ons ons onvoorwaardelik aan God se Woord bind en aan die belydenis wat daarmee in ooreenstemming is. As ons so lewe skeur ons nooit Christus se kerk nie, dan is ons geen skeurmakers nie maar kerk van Christus. Die poorte van die doderyk kan en sal hierdie kerk nooit oorweldig nie.

As ons so werk dien ons die vrede van Jerusalem, die egte eenheid van

Christus se kerk. Dan staan ons nie medeskuldig aan skape wat in verwarring gebring word nie. Christus roep ons almal om so aan sy kerk te bou.

KERK WEES BETEKEN SAAM GEMEENSAP MET CHRISTUS Hê

As ons nou let op wat ons tot nog toe vanuit God se eie Woord gesien het, weet ons dat daar nog so baie meer oor Christus se kerk gesê kan word. Juis dan begin ook tot ons spreek wat ons van die kerk as liggaam van Christus lees in o.a. Rom 12 en 1 Kor 12. Dan begin ook tot ons spreek dat Christus die Hoof van sy gemeente is. Kyk Ef 5:23. Ons het nou nie die tyd om nog daarvoor verder te praat nie. Sonder om hieroor afsonderlik te handel is dit duidelik dat dit hier om die verbinding tussen, die gemeenskap met Christus gaan. Sonder die gemeenskap kan die kerk nie kerk wees nie. Dan gaan dit om die gemeenskap met die ware Christus, die Christus van die Skrifte. Kyk o.a. 1 Kor. 15:3,4.

Dit is baie duidelik dat die kerk kenmerk word deur die gemeenskap met Christus. Sonder die gemeenskap met Hom kan geen kerk bestaan nie.

Ook as dit om ons lewe as kerk, ook as kerke wat met mekaar gemeenskap het in een kerkverband gaan, is dit so belangrik dat ons besef dat ons kerk voor God se oë is. Dat dit daarom gaan dat daar gemeenskap met Christus is volgens God se eie Woord. Dan is dit so belangrik dat ons ook as gemeente bid wat ons in Psalm 139 lees: "HERE sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my! Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!" vs 21-24

Dit is die pad van Christus, saam as gemeente leef in gemeenskap met Hom! ▣